The CCBG developed a number of initiatives and work programmes to be pursued in accordance with its Terms of Reference. It was accepted from the outset that sound financial structures and markets were to be developed in each of the member states before the more challenging issues of macroeconomic development or financial integration could be addressed. The CCBG attends systematically to the expansion of financial co-operation through a "bottom up" approach. The projects identified by the CCBG in order to meet its objectives are:

- A better understanding of the economies of member states was regarded as essential and for this purpose a comprehensive macroeconomic statistical database was developed for all member countries. Statistical data according to approved structures and definitions are submitted to the Secretariat of the CCBG. The information is publicly available, is updated every six months and is published on the Internet on a special Web site for SADC. It is therefore accessible to all interested parties.
- A data bank has been compiled and contains detailed information on the structures; functions, policies and other relevant data of all central banks in SADC, as well as particulars of financial markets in these countries. The information has also been published on the Internet and is updated once a year.
- A project was launched to determine possible problems with the repatriation of banknotes and coin among SADC countries and to investigate any illegal flow of notes and coin. Member states were requested to solve any problems in this area on a bilateral basis.

- The CCBG is involved in a major project on the development of national payment, clearing and settlement systems in SADC countries. The initiative is being undertaken in phases and the aim is to develop internal systems that will enable countries to cater for the demands of modern and integrated financial markets. These payments, clearing and settlement systems are being developed at a national level and are compatible with each other in order to facilitate eventual integration.
- The removal of the remaining exchange controls in SADC countries is high on the agenda of the committee. A special study by a subcommittee of the CCBG was conducted on all the remaining exchange controls still applied by member states. This study serves as a guideline for the further removal of restrictions. Feedback on such removal has to be given on an annual basis at a meeting of the CCBG.
- The CCBG identified the critical need for training of central bank officials in the SADC region and the limited resources available for this purpose. The committee has embarked on a project to co-ordinate and rationalise training efforts, in which the South African Reserve Bank Training Institute is taking the lead.

These six projects have so far been approved by the SADC Council of Ministers, but the following initiatives have also been taken by the CCBG in accordance with its Terms of Reference:

- The use of compatible information and technology systems are being encouraged by way of special workshops, a co-ordinating team and also a database on the technological infrastructure used in SADC central banks. Some progress has been made in this area including a website on the Internet for SADC central banks and an e-mail communication system among the participating banks.
- In the area of bank supervision, harmonisation of practices is encouraged through the East and Southern Africa Banking Supervisors Group (ESAF) which reports to the CCBG on progress achieved. ESAF also pays attention to issues such as illegal banking practices and money laundering, both domestically and across regional borders.
- A SADC Committee of Stock Exchanges was formed to address issues of co-operation in their area, including the harmonisation of listing requirements, procedures for clearing and settlement, and the initiation of electronic communications between members of various stock exchanges. These initiatives should promote external capital investments in the region.
- The CCBG has recently also extended its activities to the level of private banking in the region. The

objectives of the newly formed SADC Banking Association will, *inter alia*, be to encourage members to conduct their business in terms of internationally accepted banking standards and to strive for uniformity of banking legislation and practices.

- A recent initiative comprises the creation of a special Steering Committee to attend to the legal and operational frameworks of SADC central banks with the aim of pursuing greater comparability and compatibility.
- Discussions have also been held on the development of money markets in the SADC region and a relevant research project was approved by the CCBG. The accepted SADC Trade Protocol is encouraging the development of regional banking to facilitate easier cross-border trade which could make a positive contribution to the expansion of money markets.
- Interaction in the field of central bank protective services was accepted as a further initiative.

All these projects and initiatives of the CCBG are indicative of the commitment of central banks in SADC to expanding and supporting closer monetary and financial co-operation and consultation. The committee also held preliminary discussions on the possible harmonisation of some aspects of monetary policy, for instance, exchange rate and exchange control policies. Much more work will have to be done in future on issues relevant to financial policies, including the operational framework for monetary policy, available policy instruments and the harmonisation of policies among countries.

### **The Committee of Senior Treasury Officials**

The main achievement of this committee was the initiation and completion of a project comprising three major studies dealing with the following aspects of the SADC region:

- Macroeconomic adjustment and convergence;
- the investment climate; and
- development finance.

The project was undertaken in various phases, was discussed and analysed at a number of workshops and finalised in May 1998. Emanating from these studies, three subcommittees have been established and are operational in addressing investment, development finance and macroeconomic policies. The South African Reserve Bank was, and is, expected to be involved further in the activities of these committees.

The Committee of Treasury Officials is involved in further subcommittees, operating in specialised areas for closer co-operation in SADC. This includes initiatives relevant to taxation, the accounting and auditing profession and non-bank supervision.

### **The SADC Finance and Investment Sector Coordinating Unit (FISCU)**

Each sector of SADC allocated to a specific country needs the services of a sector co-ordinator whose responsibility includes the management, co-ordination, promotion and development of all activities in the relevant sector. In the case of the Finance and Investment Sector, FISCU, which forms part of the Department of Finance, is fulfilling this task. FISCU has been the driving force behind the Committee of Treasury Officials and its various initiatives. FISCU is also involved in the activities of the CCBG, mainly in a co-ordinating capacity, and has also been given a mandate to develop the financial protocol. A comprehensive programme has been initiated for this purpose, including a workshop, input from member states and consultants and legal advice on the structure.

### **Obstacles to closer financial integration in the SADC region**


As part of its objectives for the region, the Treaty of SADC includes the pursuance of development integration. The initiatives taken by the Finance and Investment Sector are steps aimed at that objective, but more actions and relevant developments are required. A number of obstacles in the way of this process to closer financial integration can be identified:

- The present large disparity in economies and infrastructure, major differences in communication channels, together with limited technological capacity and financial resources;
- diverse banking institutions and structures, a small capital and reserve base in some countries, as well as a narrow range of banking services or facilities;
- non-conformity in structures, activities and developments in the money and capital markets of the region;
- monetary arrangements and applications of policies differ substantially regarding interest rates and exchange rates. Various structures of exchange rate determination are applied. Control of capital flows and inconvertible currencies complicate any exchange rate harmonisation. The inordinate variability of interest rates in some countries as well as the wide disparity of interest rate levels among member countries are issues that have to be addressed on the way to closer regional monetary co-operation in SADC;
- government finances and their relation to GDP also still differ widely, although public finances are handled in a more stable way nowadays; and

- financial intermediation, savings, investments and other financial activities are on a level that is far too limited. More domestic involvement is needed to contribute towards an active financial structure and possible future integration.

## **Conclusion**

This survey gives a brief overview of financial development and interaction in the SADC region. In addition, South Africa's role in the economies of the region is described, indicating a disproportional distribution of economic power. Nevertheless, the programme of closer economic and financial co-operation and interaction in SADC is progressing relatively well and current initiatives and the projects in progress should support future development.



# Kwartaallikse ekonomiese oorsig

## Inleiding

Ongeag die klaarblyklike voordele oor die lang termyn wat die wêreldwyre beweeglikheid van kapitaal vir ekonomiese met kapitaaltekorde bied, behels toenemende ineenkakeling van internasionale kapitaalmarkte die risiko dat kapitaalvloeiinge van tyd tot tyd kan opdroog of kan omkeer, na gelang van die veranderings in marksentiment. Die uitkringing van die Asiatiese krisis regdeur die wêreld is 'n bewys van die verrekende ontwrigting wat ontketen kan word deur skielike veranderings in beleggersentiment.

Die heersende internasionale finansiële krisis het in Julie 1997 in Thailand ontstaan toe die koppeling van die Thai-baht aan die VSA-dollar laat vaar is. Kapitaalonttrekkings – wat 'n skerp daling in die wisselkoers en die finansiële batepryse in Thailand tot gevolg gehad het – het 'n beleidsreaksie ontlok wat bedoel was om finansiële stabiliteit te herstel, maar hierdie reaksie het ook ekonomiese bedrywigheid in Thailand se ekonomie laat verlangsaam. Bedenkinge het ontstaan oor die volhoubaarheid van wisselkoersmaatreëls elders en die gevolge is kort daarna in ander Asiatiese lande, veral Indonesië, Korea, Maleisië en die Filippyne, gevoel. Negatiewe groei is gedurende die laaste deel van 1997 in Japan aangeteken en dit het negatief gebly in die eerste helfte van 1998.

Die woelinge in die Asiatiese finansiële markte en die resessie in Japan het tot 'n verlangsaming in wêreldwyre ekonomiese groei in die tweede helfte van 1997 en in 1998 bygedra. Finansiële markte is in 1998 selfs meer vanstryk gebring met 'n aankondiging deur die Russiese regering van 'n aantal noodmaatreëls, wat die depresiasi van die roebel en 'n eensydige herstrukturering van eksterne en binnelandse skuld ingesluit het. Kapitaalvloeie is herkanaliseer na die gevorderde ekonomiese van die wêreld, en dit het die eksterne finansieringsprobleme van die ontwikkelendemark-ekonomiese vererger. Dit sluit Brasilië in, waar skerp stygings in rentekoerse benodig is om die daling in internasionale reserwes te stuit. Grondstofpryse het nog steeds in 1998 gedaal, deels as gevolg van die verminderde vraag in Japan en ander Asiatiese lande wat deur die krisis geraak is. Dit het aansienlike dalings in die uitvoerverdienste van grondstofproduserende lande veroorsaak en tot verdere toenames in die eksterne finansieringsbehoeftes van hierdie ekonomiese gele.

Die probleme wat die groei van die ontwikkelende lande aan bande lê, soos oorgewaardeerde wisselkoerse, lae grondstofpryse, swak finansiële stelsels en nie-volhoubare fiskale en betalingsbalanstekorte, is geïdentifiseer as redes vir die verlies aan vertroue in

ontwikkelende markte. Suid-Afrika – waar makro-ekonomiese stabiliteit nie bevragekten word nie en die finansiële stelsel onderliggend gesond is – kon nogtans nie die gevolge van die Asiatiese krisis vryspring nie. Van die redes waarom die Asiatiese probleme ook die monetêre en ekonomiese toestande in Suid-Afrika aangetas het, sluit in die lae besparingsverhouding, die onvermoë om 'n volgehoud invloei van regstreekse buitelandse belegging te lok, die hoë verhouding van korttermyn buitelandse skuld tot internasionale reserwes, die karige internasionale reserwes en dalende grondstofpryse. Die belangrikste geleibuis vir die oordrag van die krisis na Suid-Afrika, is die groot verkope van vaste-rentedraende sekuriteite deur buitelandse portefeuille-beleggers wat 'n onvermybare verhoging van 725 basispunte in die uitleenkoerse van banke van Junie tot Augustus 1998 veroorsaak het. Dit het die potensiaal gehad om ekonomiese bedrywigheid oor die kort termyn aan bande te lê.

Die reële bruto binnelandse produk, wat reeds voor die aanvang van die krisis stadig gegroeи het, het in die derde kwartaal skerp gedaal omdat sakevertroue nadelig beïnvloed is deur die internasionale finansiële onrus en die swak uitvoervraag as gevolg van die resessie in Asië. Afgesien van die dienstebedrywe waar die telekommunikasie- en finansiëledienste-sektore bygedra het tot positiewe groei in produksie, is redelike groot afnames in die reële toegevoegde waarde van die ander sektore van die ekonomie aangeteken. Veral die produksie in die fabriekswesese sektor het skerp gedaal as gevolg van die afname in binnelandse verbruikersvraag en die verlangsaming van die internasionale ekonomie. Mynbouproduksie het ook afgeneem in die derde kwartaal, deels as gevolg van die swak uitvoervraag na grondstowwe, terwyl landbouproduksie gedaal het as gevolg van 'n aansienlik kleiner mielie-oes.

Ondanks die daling in die derde kwartaal, was die jaar-op-jaar groei in bruto binnelandse produksie gedurende die eerste drie kwartale van 1998 steeds positief, teen omtrent 'n  $\frac{1}{2}$  persent. Vooruitskatting s du op groei van minder as 'n  $\frac{1}{2}$  persent vir 1998 as geheel, hoofsaaklik weens die lae basis wat in die derde kwartaal daargestel is. Hierdie groeikoers is aansienlik laer as wat oor die algemeen aan die begin van 1998 verwag is. Dit du ook op 'n skerp daling in die reële inkome per capita van die Suid-Afrikaanse bevolking in 1998.

In skerp teenstelling met die daling in die reële bruto binnelandse produksie, het groei in reële bruto binnelandse besteding in die derde kwartaal van 1998 versnel. Al die komponente van bruto finale vraag, dit wil sê privateverbruiksbesteding, overheidsverbruiksbesteding en vaste investering, het steeds toegeneem, maar teen laer koerse as in die tweede kwartaal. Die jaar-op-

jaar groei in owerheidsverbruiksbesteding en reële vaste kapitaalbesteding, veral in die openbare sektor, het hoë vlakke bly handhaaf. Besteding deur huishoudings aan nie-duursame goedere en dienste het teen 'n stiewige pas volgehou, maar groot besnoeiings is gemaak in die aankoop van duursame en semi-duursame huishoudelike goedere. Die hoofrede vir die versnieling in bruto binnelandse besteding was die feit dat die afname in voorrade gedurende die derde kwartaal van 1998 beduidend kleiner was as die afname in die tweede kwartaal. Verwagtinge van geringe groei in vraag, die hoë koste verbonden aan voorraadbesit en volgehoue verbeterings in kostebestuurstegnieke, het vervaardigers en handelaars aangemoedig om vooraadvlakte te verlaag.

Die groei in totale faktorbetalings het in die derde kwartaal verlangsaam. Soos gebruiklik in tydperke van traie ekonomiese bedrywigheid, het die groei in die totale bedryfsurplus meer verlangsaam as die groei in arbeidsvergoeding, en gevvolglik het arbeid se aandeel in die totale waarde van produksie verhoog. Die verhouding van maatskappybesparing relatief tot die bruto binnelandse produk het in die proses gedaal. Tesame met lae besparing deur huishoudings en verhoogde ontsparing deur die algemene owerheid, het die laer maatskappybesparing bygedra tot 'n verdere verswakkking in die nasionale besparingsverhouding.

Die afgelope twee tot drie jaar was ekonomiese groei sonder gepaardgaande werkskepping 'n kommerswekkende vraagstuk in die Suid-Afrikaanse ekonomie. 'n Klein toename in totale werkverskaffing het in die tweede kwartaal van 1998 plaasgevind, maar totale indiensneming in 1998 was steeds heelwat laer as die 1996-vlakte. Ondanks die swak groei in werkverskaffing, het nominale vergoeding per werker aanhou styg in 1998, tesame met 'n skerp toename in loonverwante stakings en werkonderbrekings.

Stygende nominale arbeidsvergoeding dra by tot inflasie deur kostestygings, wat versterk word deur totale vraagdruk voortspruitend uit die toenemende koopkrag van indiensgeneemde werkers. Inflasie wat in die binnelandse ekonomie ontstaan is egter in die eerste helfte van 1998 in toom gehou deur stiewige toenames in arbeidsproduktiwiteit en die gedeeltelike absorbering van produksiekoste deur binnelandse produsente. Die stygging in die algemene prysvlak het nietemin versnel, namate die depresiasie van die rand prys verhoog en die hoër prys in die prysvormingsprosesse deurgewerk het. Die toenames in verbandleningsrentekoerse het ook die verbruikersprysindeks verder laat styg.

Die hoë vlak van binnelandse besteding en die pogings van invoerders om verwagte invoerprysverhogings, as gevolg van die depresiasie van die rand voor te spring, het geleidelik tot 'n skerp toename in goedere-invoer en 'n gepaardgaande vergroting van die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans. Terselfdertyd het die waarde van die goedere-uitvoer en die netto gouduitvoer ook verbeter, maar met minder as die toename in die waarde van die goedere-invoer. Die

groei in uitvoerverdienste het saam met die afname in dienstebetatings aan die res van die wêreld die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans in die derde kwartaal van 1998 beperk tot ongeveer 2½ persent van die bruto binnelandse produk.

Vir die eerste keer sedert die vierde kwartaal van 1996 het die land 'n uitvloei van kapitaal in die derde kwartaal van 1998 ondervind. Beide lang- en korttermynkapitaal het die land uitgevloei. Hierdie uitvloei was tot 'n groot mate verwant aan die onstuimige internasionale finansiële markte wat buitelanders aangespoor het om Suid-Afrikaanse vasterentedraende sekuriteite te verkoop, en aan die verswakkking van die rand wat veroorsaak het dat meer binnelandse, pleks van buitelandse kredietbronne vir handelsfinansiering gebruik is. Buitelandse handelsfinansiering van internasionale transaksies is inderdaad ontmoedig deur die hoë koste van termyndekking.

Die rand het van Mei tot Augustus 1998 onder afaartse druk beland toe die internasionale finansiële situasie deur die probleme van ontwikkelende markte en die eensydige Russiese skuldherstrukturering geraak is. Beleidstappe wat deur die Reserwebank gedoen is, veral dié wat toegelaat het dat rentekoerse as gevolg van markkragte styg en die besluit om die wisselkoers van die rand sy eie vlak te laat vind, het die stabilitet in die plaaslike buitelandse-valutamark deels herstel. Vertroue is in so 'n mate herwin dat die rand van 28 Augustus tot 25 November 1998 met bykans 14 persent geappresieer het.

Die groei in die breë en enger monetêre totale en ook in die totale binnelandse kredietverlening het teen die einde van die derde kwartaal van 1998 tekens van verlangsaming getoon. Geld- en kredietgroei was vir die hele kwartaal steeds sterk en glad nie versoenbaar met die doelwit van lae inflasie in die langtermyn nie. Die moontlikheid dat vorige vinnige groei in die geldvoorraad ook 'n uitwerking op toekomstige inflasie kan hê, het steeds in die agtergrond geskuil en dit het die Reserwebank genoop om 'n versigtige posisie ten opsigte van die verslapping van monetêre beleid in te neem. Die verskerping van monetêre toestande na die destabilisering van die binnelandse mark vir sekuriteite, het onvermydelik tot hoër rentekoerse aanleiding gegee, en het bygedra tot die afname in totale produksie in die derde kwartaal. Die verlangsaming in produksiegroeи was deel van die onvermydelike aanpassingsproses wat nodig was vir die herstel van finansiële bestendigheid.

Geldmarkrentekoerse het tot die middel van September verstewig as gevolg van die onbestendige toestand van die internasionale markte, die swakheid van die rand en hernude vrese vir inflasie. 'n Geleidelike daling het gevolg, wat teen die middel van Oktober deur die Reserwebank bekragtig is. Die Bank het toe die daagliks ondervoorsiening van likiditeit aan die banke verminder en later begin om in die volle bedrag van die banke se daagliks likiditeitsbehoeftes te voorsien. Die

terugkoopkoers van die Reserwebank het begin daal en was op 24 November omtrent 200 basispunte laer as op 13 Oktober. Hierdie afname in die koste van befondsing het die banke in staat gestel om hulle prima oortrekingskoerse by twee geleenthede met een persentasiepunt op 'n slag te verlaag.

Die verkryging van fondse deur die openbare sektor in die primêre effektemark was ietwat minder in die eerste helfte van die huidige fiskale jaar as in die eerste helfte van die vorige fiskale jaar. Privaatsektormaat-skappye het op hul beurt slegs 'n klein bedrag aan nuwe kapitaal in die primêre mark vir skuldinstrumente verkry en het bykans geheel en al op bankkredietverlening en die primêre mark vir aandelekapitaal staatgemaak om hul finansieringsbehoeftes te bevredig.

Die Suid-Afrikaanse finansiële markte het van Mei tot Augustus 1998 'n tydperk van groot aanpassings ondergaan toe ontwikkelende markte regoor die wêreld onder druk was en die stabilitet van die wêreld se finansiële stelsel by tye bevraagteken is. Die aanpassingsproses het in Mei 1998 met die netto verkope van vasterentedraende sekuriteite deur buitelandse beleggers begin. Opbrengskoerse op langtermynstaatseffekte, wat in die eerste vier maande van die jaar afgwaarts geneig het, het sterk gestyg tot hul hoogste gemiddelde maandelikse vlak ooit en het die gemiddeldes oorskry wat in Desember 1985 aangeteken is na die aankondiging van die buitelandse skuldstilstand. Soos wat in ander ontwikkelende markte gebeur het, het aandelewaardes skerp gedaal - die gemiddelde prysvlak van alle klasse aandele was in September 1998 sowat 39 persent laer as in Mei. Effekte- en aandelepryse het toe in Oktober en November ietwat herstel. Die dollarwaarde van Suid-Afrikaanse genoteerde aandele het tussen Desember 1997 en Oktober 1998 nietemin met 26 persent gedaal. Nie-inwonerbeleggers het egter in die eerste tien maande van 1998 voortgegaan om hul aandelebesit in genoteerde maatskappye te verhoog, klaarblyklik in volkome verontagsaming van die daling in batewaardes.

Die leningsbehoefte van die openbare sektor in die geheel het in die eerste helfte van die fiskale jaar 1998/99, vergeleke met dieselfde tydperk in die voorafgaande fiskale jaar, in absolute waarde en in verhouding tot die bruto binnelandse produk gedaal. Net so het die tekort op die Skatkisrekening voor lenings en skuldaflossing in verhouding tot die bruto binnelandse produk van die eerste helfte van die fiskale jaar 1997/98 tot die eerste helfte van die fiskale jaar 1998/99 afgeneem.

Die Minister van Finansies het die beraamde begrotingstekort van die nasionale regering vir die huidige fiskale jaar van 3,5 persent van die bruto binnelandse produk tot 3,9 persent verhoog toe die Aansuiweringsbegroting op 2 November 1998 aan die Parlement voorgelê is. Hierdie verhoging dui nie op 'n awyking van die regering se program vir die vermindering van die tekort nie. Soos in die middeltermyn-

bestedingsraamwerk uiteengesit is, bly die regering nog sterk daartoe verbind om die begrotingstekort tot 3 persent van die bruto binnelandse produk te beperk, maar een fiskale jaar later as wat oorspronklik beoog is.

## Binnelandse ekonomiese ontwikkelings

### Binnelandse produksie<sup>1)</sup>

Suid-Afrika se reële bruto binnelandse produk het in die derde kwartaal van 1998 gedaal. Die reële toegevoegde waarde het in die derde kwartaal van 1998 teen 'n seisoensaangepaste jaarkoers van ongeveer 2½ persent gedaal, nadat dit in elkeen van die vier opeenvolgende kwartale tot die tweede kwartaal met ½ persent toegeneem het. Die vlak van die bruto binnelandse produk in die eerste drie kwartale van 1998 was steeds ongeveer ½ persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar. Ekonomiese groei vir 1998 in die geheel word egter op minder as ½ persent geraam.

*Landbouproduksie* het in die derde kwartaal van 1998 aansienlik gedaal toe die volle uitwerking van die kleiner-as-verwagte mielie-oes ondervind is. Mielieproduksie in die 1997/98-produksiejaar word tans op 7,6 miljoen ton of sowat 25 persent minder as die vorige seisoen se oes van 10,1 miljoen ton geraam. Indien die landbousektor buite rekening gelaat word, het die reële produksie van die ander sektore in die derde kwartaal van 1998 nog steeds teen 'n seisoensaangepaste jaarkoers van ongeveer 1½ persent gedaal, vergeleke met bestendige, bykans onveranderde, produksievlekke in die eerste twee kwartale van die jaar.

Totale reële produksie in die *mynbousektor*, wat teen seisoensaangepaste jaarkoers van 4½ persent in die eerste kwartaal van 1998 en ½ persent in die tweede kwartaal gekrimp het, het in die derde kwartaal verder teen 'n jaarkoers van 2 persent gedaal. Die afwaartse neiging in mynbouproduksie is in die meeste van die belangrike subsektore soos goud en steenkool waargeneem. Mynbouprodukte is nadelig geraak deur swak

internasionale vraag, veral vanuit die verswakte ekonomiese in Asië, en 'n ernstige daling in grondstofpryse.

Die reële produksie van die *fabriekswese* wat 24 persent van die totale bruto binnelandse produk in 1997 beloop het, het ná matige dalings van 1½ persent in die eerste kwartaal en 3 persent in die tweede kwartaal, in die derde kwartaal van 1998 teen 'n seisoensaangepaste jaarkoers van 5 persent gedaal. Die swak fabrieksproduksie word verlaat deur skerp toenames in die aantal werksdae wat vanweë stakings en ander vorms van arbeidsonrus verlore geraak het, die verlangsaming in die groei van die totale finale vraag, swak groei in die uitvoervraag, veral vanaf die Verre Ooste, en die volgehoue dalende bedrywigheid in die primêre sektore. Die koers waarteen produksievermoë in die fabriekwesesektor benut word het in die eerste helfte van 1998 tot 80½ persent gedaal. So onlangs soos 1995 was die koers van die benutting van produksievermoë 83½ persent.

In die ander *sekondêre sektore* het die reële toegevoegde waarde van die sektor wat elektrisiteit, gas en water voorsien in die derde kwartaal van 1998 effens gedaal omdat die ongewoon matige winter die vraag na elektrisiteit vir verhittingsdoeleindes in Suid Afrika en die buurlande verminder het. Daar was ook 'n daling in die nywerheidsverbruik van elektrisiteit. Verder het die reële toegevoegde waarde van die konstruksiesektor gedaal, namate die algemene verlangsaming in bou-


1) Klein hersienings is aan die gegewens van die nasionale rekeninge aangebring en in hierdie uitgawe van die *Kwartaalblad* opgeneem. Hierdie hersienings is gebaseer op vollediger of meer toepaslike gegewens wat gedurende 1998 beskikbaar geraak het. Meer omvattende hersienings word in die eerste helfte van 1999 beoog wanneer die meeste hoogtemerkramings van nuuts af beoordeel sal word.

**Tabel 1. Reële bruto binnelandse produk**

Persentasieverandering teen seisoensaangepaste jaarkoers

Sektore	1997					1998		
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	Jaar	1e kw	2e kw	3e kw
Primêre sektore.....	-13½	2	3	1	½	-1	0	-9½
Landbou .....	-31	-5	-½	0	-1	5	1½	-19½
Mynbou.....	1½	7	5	1½	1	-4½	-½	-2
Sekondêre sektore.....	6	6	-½	0	3	-1	-2½	-4½
Fabriekswese .....	7	6½	-1	-½	3½	-1½	-3	-5
Tertiére sektore .....	-½	1	0	½	1	1½	1½	½
Handel .....	-2	2	-1½	-½	½	1½	1½	-½
Vervoer, opberging en kommunikasie .....	½	4½	3	2½	2½	1	2½	1½
Finansiële en ander dienste .....	2	2	1	1½	2½	3	3½	1
<b>Totaal .....</b>	<b>-½</b>	<b>2½</b>	<b>½</b>	<b>½</b>	<b>1½</b>	<b>½</b>	<b>½</b>	<b>-2½</b>

## Groei in reële bruto binnelandse produk




konstruksiebedrywighede deur die betreklik hoë vlak van rentekoerse op verbande vererger is.

Die reële toegevoegde waarde van die *tersiêre sektore* het in die derde kwartaal van 1998 verder toegeneem, hoewel teen 'n jaarkoers van  $\frac{1}{2}$  persent, wat beduidend laer as die groei van  $1\frac{1}{2}$  persent in die tweede kwartaal was. Die verswakkking van vertroue onder sakelui en verbruikers het die koers van toename in die reële toegevoegde waarde van die meeste soorte bedrywighede in die tersiêre sektor laat verlangsaam. Die groei in die reële toegevoegde waarde van die sektor vervoer, opberging en kommunikasie is nietemin deur die uitbreiding aan die telekommunikasiennetwerk aangehelp. Die betreklik hoë vlak van bedrywigheid, veral in die aandele-, effekte- en ander finansiële markte, het steun gebied vir verdere groei in die sektor finansies, versekering, vaste eiendom en sakedienste, hoewel die groei stadiger as vroeër was. In teenstelling hiermee het die reële toegevoegde waarde van die motorhandel in die derde kwartaal van 1998 gedaal namate die groter finansiële verpligting verbonde aan die financiering van hoëwaarde, duursame verbruiksgoedere begin het om motorvoertuigverkope nadelig te raak.

## Binnelandse besteding

Nadat die *totale reële bruto binnelandse besteding* in die eerste twee kwartale van 1998 gedaal het, het dit in die derde kwartaal sterk gestyg teen 'n seisoensaangepaste jaarkoers van 6 persent. Omdat binnelandse besteding aansienlik vinniger as binnelandse produksie gegroei het,

## Reële bruto binnelandse besteding



het die netto buitelandse handel in goedere en dienste 'n verdere negatiewe bydrae tot die groei in die bruto binnelandse produk gemaak: invoer het gestyg terwyl uitvoer gedaal het. Terwyl die groei van kwartaal tot kwartaal in die bruto binnelandse besteding in die derde kwartaal van 1998 versnel het, het die groei in die bruto finale vraag effens verlangsaam, wat beteken dat die vermindering in voorrade in die derde kwartaal minder was as in die tweede kwartaal.

*Reële private verbruiksbesteding* het in die derde kwartaal van 1998 teen 'n seisoensaangepaste jaarkoers van  $\frac{1}{2}$  persent gegroeい, vergeleke met  $1\frac{1}{2}$  persent in die tweede kwartaal. 'n Groot deel van die verlangSAMING word verklaar deur 'n daling in die besteding aan duursame goedere, veral die aankope van nuwe motorvoertuie wat teen 'n jaarkoers van 21 persent gedaal het. In die drie kwartale tot aan die einde van September 1998 was die totale besteding aan vervoertoerusting deur huishoudings ongeveer 13 persent minder as in die ooreenstemmende tydperk in 1997. Die reële besteding aan meubels en huishoudelike toerusting het in die derde kwartaal van 1998 teen 'n koers van 9 persent gedaal, terwyl besteding aan semi-duursame goedere ook effens gedaal het.

Verbruiksbesteding word minder beïnvloed deur tydelike veranderings in die inkome van mense as deur veranderings in mense se verwagtings van hul inkome oor hul leeftyd. Veranderings in lopende inkome sal nietemin verbruik beïnvloed, omdat dit 'n uitwerking op toekomstige inkome en verbruikersvertroue het. Die waarde van die rykdom van huishoudings gee 'n aanduiding van permanente beleggings-inkome, omdat dit verwagtings oor toekomstige inkome uit finansiële bates verteenwoordig. In teenstelling hiermee, verminder uitstaande skuld die hoeveelheid rykdom wat huishoudings kan aanwend vir verbruik. Al drie hierdie kragte het in die derde kwartaal sterk toenames in verbruiksbesteding teengewerk:

- die totale reële inkome van huishoudings het stadig gegroei namate die groei in werksverskaffing bykans tot stilstand gekom het en verbruikersprysinflasie versnel het;
- aandele- en effektepryse het skerp gedaal, en sodoende persoonlike finansiële rykdom verminder; en
- verbruikerskuld as 'n persentasie van persoonlike beskikbare inkome het op die betreklik hoë vlak van ongeveer 66 persent gebly.

Die groei (teen 'n jaarkoers) in *reële verbruiksbesteding deur die algemene owerheid* het aanhou verlangsaam van 3 persent in die eerste kwartaal in 1998 tot  $2\frac{1}{2}$  persent in die tweede kwartaal en ongeveer 2 persent in die derde kwartaal. Die beheer van besteding deur die provinsiale regerings en die beperkte groei in reële personeelvergoeding was hoofsaaklik vir hierdie verlangSAMING in overheidsverbruiksbesteding verantwoordelik. Die reële lopende besteding deur die algemene owerheid in die eerste nege maande van 1998 was egter steeds 6 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk in 1997. Die toename in reële verbruiksbesteding deur die algemene owerheid was 7 persent in die kalenderjaar 1997.

Die opwaartse neiging in die *reële bruto binnelandse vaste investering* sedert die derde kwartaal van 1993 is tot in die derde kwartaal van 1998 volgehoud. Die jongste ramings toon dat die toenames in die totale reële bruto binnelandse vaste kapitaalvorming (teen jaarkoerse) van 6 persent in die eerste kwartaal van 1998 en  $9\frac{1}{2}$  persent in die tweede kwartaal, deur 'n stygging van 8 persent in die derde kwartaal gevvolg is. Reële bruto binnelandse vaste kapitaalvorming in die eerste drie kwartale van 1998 was ongeveer 5 persent hoër as in die eerste drie kwartale van 1997. Die reële bruto binnelandse vaste investering het in 1997 in die geheel met  $3\frac{1}{2}$  persent gestyg. Die volgehoudne toenames in kapitaalvorming regdeur die eerste drie


**Tabel 2. Reële bruto binnelandse besteding**

Persentasieverandering teen seisoensaangepaste jaarkoerse

Komponente	1997					1998		
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	Jaar	1e kw	2e kw	3e kw
Private verbruiksbesteding .....	1	$1\frac{1}{2}$	1	$\frac{1}{2}$	2	$2\frac{1}{2}$	$1\frac{1}{2}$	$\frac{1}{2}$
Owerheidsverbruiksbesteding.....	6	$7\frac{1}{2}$	9	$11\frac{1}{2}$	7	3	$2\frac{1}{2}$	2
Bruto binnelandse vaste investering	2	3	3	$1\frac{1}{2}$	$3\frac{1}{2}$	6	$9\frac{1}{2}$	8
Binnelandse finale vraag .....	$2\frac{1}{2}$	3	3	3	$3\frac{1}{2}$	3	$2\frac{1}{2}$	
Verandering in voorrade (R miljarde)*	-2,7	-2,3	-4,4	-3,0	-3,1	-8,7	-8,8	-6,7
<b>Bruto binnelandse besteding .....</b>	<b>-2</b>	<b><math>5\frac{1}{2}</math></b>	<b>0</b>	<b><math>4\frac{1}{2}</math></b>	<b><math>1\frac{1}{2}</math></b>	<b>-1<math>\frac{1}{2}</math></b>	<b>-3<math>\frac{1}{2}</math></b>	<b>6</b>

\* Konstante 1990-pryse teen jaarkoerse

## Reële private verbruiksbesteding



kwartale van 1998 is deur 'n uitbreiding in vaste investering van die openbare sektor teweeggebring. Reële bruto binnelandse vaste investering deur die private sektor het sedert die tweede kwartaal van 1998 gedaal.

Reële kapitaalvorming deur die *openbare sektor* het van kwartaal tot kwartaal in die eerste drie kwartale van 1998 teen jaarkoerse van tussen  $22\frac{1}{2}$  en  $52\frac{1}{2}$  persent gegroei. Die uitbreiding van die telekommunikasienetwerk en die passasiers-vliegtuigvloot van die nasionale lugdiens staan duidelik uit tussen die kapitaalprojekte van die semi-staatsinstellings. As gevolg van hierdie en ander kapitaalprogramme was die bruto binnelandse vaste investering van die openbare korporasies ongeveer  $31\frac{1}{2}$  persent hoër in die eerste drie kwartale van 1998 as in die ooreenstemmende tydperk van 1997.


In die *private sektor* het die reële bruto binnelandse vaste investering gedurende die eerste kwartaal van 1998 stukrag begin verloor toe dit teen 'n jaarkoers van slegs  $\frac{1}{2}$  persent gegroei het, gevolg deur dalings teen koerse van  $4\frac{1}{2}$  persent in die tweede kwartaal en 5 persent in die derde kwartaal. Die groei van jaar tot jaar in reële vaste investering deur die private sektor is gevoldig tot  $\frac{1}{2}$  persent in die eerste drie kwartale van 1998 verminder, vergeleke

met 3 persent vir 1997 in die geheel. 'n Indeling van kapitaalbesteding in die private sektor volgens soort ekonomiese bedrywigheid toon dat kapitaalbesteding in die landbou, fabriekswese en finansiëledienste-sektore gedaal het. Toenames in kapitaalbesteding is egter steeds gedurende die derde kwartaal van 1998 deur die mynbou- en handelsektore aangeteken.


Die absolute daling in voorraadvlake sedert die eerste kwartaal van 1997 het sedert die begin van 1998 nog skerper geword. Uitgedruk teen konstante 1990-pryse, het voorrade in die eerste twee kwartale van 1998 teen 'n gemiddelde jaarkoers van R8,8 miljard en in die derde kwartaal met ongeveer R6,7 miljard gedaal. Die kleiner daling in voorraadvlake in die derde kwartaal van 1998 teenoor die eerste twee kwartale het die totale groei in die bruto binnelandse besteding met ongebeur 3 persentasiepunte verhoog.

Buite 'n toename in voorrade in die sektor vervoer, opberging en kommunikasie en 'n mate van onbeplande voorraadopbouing in die motorhandel, het die totale vlak van nywerheids- en handelsvoorraade in die derde kwartaal van 1998 gedaal, hoewel teen 'n laer koers as in die eerste helfte van die jaar. Verbeterde voorraad-


## Komponente van reële bruto binnelandse vaste investering



## Nywerheids- en handelsvoorraade as persentasie van bruto binnelandse produk buite die landbou



## Bruto bedryfsurplus en arbeidsvergoeding



bestuurstegnieke het vervaardigers en handelaars sedert die begin van die huidige dekade gehelp om die gewenste vlak van hul voorrade in verhouding tot produksie te verminder. Die gewenste voorraadvlek word negatief deur die koste van krediet beïnvloed, en korttermynrentekoerse het skerp gestyg. Gevolglik het die vlak van nywerheids- en handelsvoorraade in verhouding tot produksie in die derde kwartaal van 1998 tot 'n lae peil van 14½ persent gedaal. 'n Verbetering in voorraadbestuurstegnieke kon dalk ook voorgekom het.

### Faktorinkome

Die groei oor vier kwartale in die totale nominale faktorinkome teen markpryse het van 'n gemiddelde toename van ongeveer 9 persent in die eerste twee kwartale van 1998 tot 8 persent in die derde kwartaal verlangsaam. Die stadiger groei in faktorinkome kan toegeskryf word aan swakker groei in die bedryfsurplusse van sakeondernemings wat deels deur effens sterker groei in totale arbeidsvergoeding teengewerk is. Die groei van jaar tot jaar in totale arbeidsvergoeding het 8½ persent in die eerste drie kwartale van 1998 beloop, wat hoër is as die ooreenstemmende groei van 7½ persent in totale nominale bedryfsurplusse. Aangesien die totale werkverskaffing in die formele sektore van die ekonomie in die eerste helfte van 1998 aansienlik laer was as in die eerste helfte van 1997, moet die groei in totale arbeidsvergoeding aan stygende salarisse en hoër lone per werker toegeskryf word.


Die groei in die nominale *bruto bedryfsurplus* van sakeondernemings gemeet oor vier kwartale, het effens van 'n gemiddelde van 8 persent in die eerste helfte van 1998 tot 7 persent in die derde kwartaal verlangsaam. Hierdie swakker groei was hoofsaaklik die gevolg van die verswakking in die bruto inkome van boere en 'n algemene verlangsaam in die groei van winste in al die belangrikste sektore van die ekonomie. Die aanvanklike toenames in die winsgewendheid van uitvoerders in die mynbou- en vervaardigingsektore weens die vermindering van die waarde van die rand, is meer as teengewerk deur die trae internasionale vraag, veral vanuit Japan en ander Suidoos-Asiatiese lande.

### Binnelandse besparing

Die binnelandse spaargeneigdheid het verder verswak en die verhouding van die bruto binnelandse besparing tot die bruto binnelandse produk het van 14½ persent in die eerste twee kwartale van 1998 tot 13 persent in die derde kwartaal gedaal. Hierdie lae besparingsverhouding, wat onvoldoende vir die investerings- en ontwikkelingsbehoeftes van die ekonomie is, is die gevolg van toenemende ontsparing deur die algemene owerheid en swakker, maar steeds positiewe besparing deur die private sektor.

Netto *ontsparing* deur die algemene owerheid het van R22,0 miljard (seisoensaangepaste jaarsyfer) in die eerste twee kwartale van 1998 tot R25,5 miljard in die derde kwartaal verswak. Ontsparing deur die algemene

## Bruto binnelandse besparing as persentasie van bruto binnelandse produk



owerheid as 'n persentasie van die bruto binnelandse produk het van  $3\frac{1}{2}$  persent in die eerste helfte van 1998 tot 4 persent in die derde kwartaal toegeneem. Die verswakking in die besparing van die algemene owerheid was hoofsaaklik die gevolg van verdere toenames in verbruiksbesteding en hoër rentebetalings, wat saam vinniger as belastinginkome toegeneem het.

Die netto besparing van die maatskappysektor het in die derde kwartaal van 1998 onder druk gekom toe bedryfsurplusse verlangsaam of selfs gedaal het soos in die primêre sektore van die ekonomie. Gevolglik het netto maatskappybesparing van  $4\frac{1}{2}$  persent van die bruto binnelandse produk in die eerste twee kwartale van 1998 tot  $3\frac{1}{2}$  persent in die derde kwartaal gedaal. Besparing deur huishoudings is eweneens gekortwiek deur die begeerte om verbruiksgewoontes te handhaaf teen die agtergrond van stygende financieringskoste en stadiger groei van reële inkomme. Besparing deur huishoudings as 'n persentasie van die bruto binnelandse produk, het van die eerste twee kwartale van 1998 tot 'n effens laer vlak in die derde kwartaal gedaal.

### Werkverskaffing

Positiewe groei in die totale reële bruto binnelandse produk sedert 1996 kon nie die werkskeppingsvermoë van die Suid-Afrikaanse ekonomie suksesvol vergroot nie. Die vlak van *totale werkverskaffing in die formele sektore van die ekonomie buite die landbou* het trouens gedurende 1996 en 1997 deurlopend van die een

kwartaal tot die volgende afgeneem. 'n Verdere afname in totale indiensneming het gedurende die eerste kwartaal van 1998 voorgekom, maar dit is in die tweede kwartaal deur 'n effense toename teen 'n seisoensaangepaste jaarkoers van 1,1 persent gevolg. (Die tweede kwartaal van 1998 is die jongste tydperk waarvoor inligting deur Statistieke Suid-Afrika vrygestel is.)

Die toename in formele werkverskaffing buite die landbou vanaf die einde van die eerste kwartaal van 1998 tot die einde van die tweede kwartaal was nie eweredig tussen al die sektore van die ekonomie versprei nie. Van die agt hoofsektore wat deur Statistieke Suid-Afrika geïdentifiseer is, is toenames in vyf aangeteken, naamlik

- konstruksie;
- groot-, klein- en motorhandel;
- verversings- en akkommodasiedienste;
- vervoer, opberging en kommunikasie; en
- gemeenskaps-, maatskaplike en persoonlike dienste.

Hierdie toenames is deels teenewer werk deur afnames in werkverskaffing in mynwese en steengroewery; fabriekswese; en elektrisiteitsopwekking.

Die afname in werkverskaffing in die formele sektore van die ekonomie oor die afgelope twee tot drie jaar was hoofsaaklik die gevolg van stappe wat gedoen is deur binnelandse produsente in die *private sektor* wat sterk eise vir hoër reële lone in 'n toenemend mededingende internasionale omgewing in die gesig gestaar het. Werkgewers wat teen sulke eise te staan kom, kan hul werkverskaffingspraktyke tipies op drie verskillende maniere aanpas:

- (i) Aanvaar die eise vir hoër reële lone. Hierdie reaksie sal feitlik sonder uitsondering tot al meer verliesmakende ondernemings aanleiding gee en mag ook daartoe lei dat werkgewers sal poog om produksiepryse te verhoog ten einde winsgewendheid te herstel. In 'n disinflasionele internasionale omgewing mag dit lei tot 'n voortdurende verlies aan mededingendheid en dalende winsgewendheid totdat ondernemings gedwing word om te sluit.
- (ii) Staan die eise om hoër werkemervergoeding teen om winsgewendheid te herstel en te verbeter, en sodoende bestaande werkgeleenthede te behou en moontlik nuwe werkgeleenthede te skep.
- (iii) Verhoog produktiwiteit deur investering in nuwe masjinerie en toerusting en deur die grootte van die werkerskorps te verklein. Dit sal die kapitaal-intensiteit van die produksieproses verhoog en ook die arbeidsintensiteit verlaag.

Die verbetering van produktiwiteit in die produksieproses is klaarblyklik die benadering wat sedert 1996 deur die meeste besighede in Suid-Afrika gevolg is. Werkgewers wat met volgehoue eise vir hoër reële lone

en salarisste gekonfronteer is, het gereageer deur meer kapitaalintensieve produksiemetodes in werking te stel en die grootte van die werkerskorps te verklein. Die gevolg hiervan was 'n afname in totale indiensneming en 'n toename in produksie per werker. Die verhoogde vraag na kapitaalinvestering het ook opwaartse druk op die vlak van reële rentekoerse geplaas.


Tesame met dalende werkverskaffing in die formele private sektor buite die landbou, was daar ook pogings in die *openbare sektor* om die groei in verbruiksbesteding deur die algemene regering te stuit en die doeltreffendheid van openbare dienslewering te verbeter. As gevolg hiervan het werkverskaffing in die openbare sektor vanaf die derde kwartaal van 1996 oor die algemeen afgeneem – 'n neiging wat in ooreenstemming was met die regering se voornemens soos weergegee in verskeie openbare beleidsverklarings, insluitende GEAR. Nietemin het die verhouding van werkverskaffing deur openbare owerhede tot totale indiensneming in die formele sektore buite die landbou van 34,1 persent in die tweede kwartaal van 1996 tot 36,0 persent in die tweede kwartaal van 1998 toegeneem.

Die eindresultate van die 1996-Bevolkingsensus is op 20 Oktober 1998 deur Statistieke Suid-Afrika beskikbaar gestel. Die sensus verskaf hoogtemerkwaardes vir verskeie sleuteldimensies van die Suid-Afrikaanse bevolking. Van die totale bevolking van 40,6 miljoen in 1996, was 13,8 miljoen ekonomies bedrywig. Diegene sonder werk het 4,7 miljoen beloop, gelykstaande aan 33,9 persent van die ekonomies bedrywige bevolking. Hierdie werkloosheidskoers is in ooreenstemming met die "wye definisie" van werkloosheid waarvolgens diegene wat nie daadwerklike pogings aangewend het om werk te vind nie, ook getel word as deel van die ekonomies bedrywige bevolking. Volgens die bevindings van die Oktober-huishoudingsopname van 1996 is die *amptelike werkloosheid* as 'n persentasie van die ekonomies bedrywige bevolking op 21,6 persent geraam. Hierdie syfer berus op die aanname dat potensiële werkers daadwerklike pogings moes aangewend het om werk te vind voordat hulle by die ekonomies bedrywige bevolking ingesluit kan word.

Nog 'n aanwyser van veranderinge in werkloosheid, naamlik die veranderings in die totale aantal geregistreerde werklose begunstigdes van die Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF), het van 'n koers van toename oor vier kwartale van 1,2 persent in die tweede kwartaal van 1997 tot 14,1 persent in die eerste kwartaal van 1998 versnel. Op daardie tydstip het die gemiddelde aantal werkloosheidsversekeringsbegunstigdes 273 000 beloop vergeleke met 239 000 in dieselfde tydperk van die vorige jaar. Na wat berig word, is nuwe registrasies op hul hoogstevlakte ooit, 'n teken van die buiten-sporige hoë koers van werkverliese wat laat in 1997 en vroeg in 1998 voorgekom het.

Die Wetsontwerp op Gelyke Indiensneming van 1997 is op 16 Oktober 1998 as Wet No. 55 van 1998 op die wetboek geplaas. Die doel met die Wet is om

### Werkverskaffing buite die landbou



ongelykhede van die verlede aan te spreek en om die verteenwoordiging van voorheen benadeelde groepe in die Suid-Afrikaanse arbeidsmag te verhoog. Ingevolge hierdie Wet sal werkgewers wat meer as 50 werkers in diens het

- hul werknemers raadpleeg oor 'n plan vir gelyke indiensname;
- 'n profiel van die plan voorberei;
- die plan implementeer; en
- jaarliks aan die Departement van Arbeid verslag doen oor die plan.

Nakoming van die Wet op Gelyke Indiensneming sal deur 'n deeltydse kommissie, arbeidsinspekteurs, die Arbeidshof, die Kommissie vir Konsiliarie, Mediasie en Arbitrasie en die direkteur-generaal van die Departement van Arbeid gemonitor word.

Die Presidiële Werkeberaad het op 30 Oktober 1998 plaasgevind. Die doel met hierdie Beraad was om die owerheid, die sakegemeenskap en die georganiseerde arbeidsbeweging byeen te bring om te soek na maniere om die werkskeppingsvermoë van die

ekonomiese te verbeter. Konsensus is oor 'n wye aantal werksekkingsprogramme bereik, insluitend

- die bekendstelling van jeugbrigades om jeugindienstname te bevorder;
- die hertoespitsing van spesiale indiensnemingsprogramme om op behoeftige gemeenskappe te fokus;
- voorstelle vir die voorsiening van behuising wat ook nuwe mekanismes vir die finansiering van laekoste-behuising insluit;
- toerisme-inisiatiewe;
- maatreëls om die ontwikkeling van vaardighede aan te spreek; en
- die konsolidering van bestaande projekte in 'n meer samehangende geheel.


### Arbeidskoste en produktiwiteit

Prysverhogings, wat op die kort termyn met inflasie gelykgestel kan word, is krities afhanklik van ontwikkelings in die arbeidsmark en in die besonder van die verloop van arbeidseenheidskoste. Na meer as twee jaar van groei swakker as die groeivermoë van die ekonomie en algemeen dalende werkverskaffing, was die opwaartse druk op arbeidskoste so groot dat die gemiddelde vergoeding per werker steeds vinniger as eindprodukpryse gestyg het. Hierdie groei in die nominale vergoeding van werkers het tot die volgehoue stygging in private verbruiksbesteding en totale bruto binnelandse vraag bygedra. Indien prysdruk en 'n versneling van inflasie binne hierdie konteks voorkom moet word, sal die groei in totale vraag deur ander middedele, soos 'n meer beperkende monetêre beleidsbenadering, verminder moet word tot 'n vlak wat met lae en stabiele inflasie versoenbaar is.

Die koers van toename oor vier kwartale in nominale vergoeding per werker in die formele sektore van die ekonomie buite die landbou het in die eerste helfte van 1998 die toename in eindprodukpryse met 'n redelike marge oorskry. Die potensieel inflasionele uitwerking van hierdie kosteverhogings is egter gedeeltelik teenegewerk deur die sterk produktiwiteitsverhogings, wat in stygende uitsetvolumes per indiensgeneemde werker weerspieël is. Verder is toenames in die nominale arbeidskoste nie ten volle deur produktiwiteitstoenames geneutraliseer nie, wat veroorsaak het dat nominale arbeidseenheidskoste in die eerste helfte van 1998 vinniger as eindprodukpryse (soos aangedui deur die toename oor een jaar in die prysindeks van binnelandse geproduseerde goedere) gestyg het.

In die eerste drie kwartale van 1998 was arbeidsmarktoestande inderdaad onstuimig. Die aantal mandae wat as gevolg van stakings en werkstopsettings verlore gegaan het, het skerp van 310 000 in die eerste drie kwartale van 1997 tot 1,85 miljoen in die ooreenstemmende tydperk in 1998 toegeneem. Loongeskille was verantwoordelik vir 98,5 persent van die totale aantal stakings in die nege maande tot September 1998 – die hoogste vlak wat oor 'n tydperk van agt jaar aangegeteken is.

### Arbeidsproduktiwiteit, vergoeding per werker, arbeidseenheidskoste buite die landbou en produksiepryse



## Inflasie

Die afwaartse fase vanaf die begin van 1997 in die koers van verandering oor twaalf maande in prysse op produksie- sowel as verbruikersvlak, het in die tweede kwartaal van 1998 tot 'n einde gekom. Die groei in produksiepryse het oor die ses maande tot September 1998 betekenisvol versnel namate die rand gedepresieer het. Die verbruikersprysindeks is op sy beurt sterk beïnvloed deur die skerp styging in die prysse van verbruikersdienste, veral rentekoerse op verbandlenings.


Die koers van toename oor tydperke van twaalf maande in die *omvattende produksieprysindeks* het bykans verdubbel van 2,3 persent in Maart 1998 tot 4,5 persent in Augustus en 4,3 persent in September. Die prysse van ingevoerde goedere het met 1,1 persent in die jaar tot Mei 1998 gedaal, maar was in Oktober 7,8 persent hoër as 'n jaar tevore. Die versnelling in die prysse van ingevoerde goedere was heelwat opsigteliker indien dit van kwartaal tot kwartaal en teen seisoensaangepaste jaarkoerse gemeet word - 'n prysstyging van 0,8 persent in die tweede kwartaal van 1998 is deur 'n toename van 26,9 persent in die derde kwartaal gevolg.

Die deurgee van die depresiasi van die rand en die gepaardgaande toenames in die prysse van ingevoerde goedere het in die derde kwartaal van 1998 'n taamlik geringe uitwerking op die prysse van binnelandse geproduseerde goedere gehad. Die koers van toename oor tydperke van twaalf maande in die prysse van binnelandse geproduseerde goedere het slegs matig van 3,2 persent in Junie 1998 tot 4,0 persent in Augustus en 3,8 persent in Oktober versnel. Met inagneming van die betreklike sterk toenames in arbeidseenheidskoste en die styging in die prysse van ingevoerde intermediére goedere, kan 'n mate van versnelling in die produksieprysindeks redelikerwys verwag word. Andersins sal toenames in koste deur binnelandse produsente geabsorbeer moet word.

Die *omvattende verbruikersprysindeks*, wat rentebetalings op verbandlenings insluit, het met 9,1 persent in die twaalf maande tot September 1998 gestyg, vergeleke met 5,0 persent in April. Toenames oor twaalf maande in die prysse van dienste het dié van goedere sedert Julie 1998 oortref, hoofsaaklik as gevolg van die sterk styging in rentebetalings op verbandlenings. Gevolglik was die versnelling van prystoenames oor tydperke van twaalf maande in die geval van *kerninflasie* meer gedemp. Dit het van 6,9 persent in Maart 1998 tot 7,7 persent in September gestyg. Die *kerninflasiekopers*, gemeet van kwartaal tot kwartaal teen 'n seisoensaangepaste jaarkoers het weliswaar van 11,1 persent in die tweede kwartaal van 1998 tot 6,2 persent in die derde kwartaal gedaal.

Die onlangse versnelling in verbruikerspryse as gevolg van die skerp styging in verband- en ander rentekoerse behoort nie as die begin van 'n nuwe fase van stygende inflasie gesien te word nie. Binnelandse vraagtoestande speel saam met insetkostes, soos arbeidsvergoeding en die koste om te leen, 'n belangrike rol in die bepaling van verbruikerspryse. Verbruikers-


## Produksieprysindeks



**Tabel 3. Produksieprysindekse**

Persentasieverandering oor twaalf maande

	Binnelands geproduseerde goedere	Ingevoerde goedere	Alle goedere
1998: Jan.....	4,1	-0,5	3,2
Feb.....	3,6	-2,3	2,5
Mrt.....	3,3	-1,9	2,3
Apr.....	3,2	1,3	2,9
Mei.....	3,3	-1,1	2,4
Jun.....	3,2	0,9	2,8
Jul.....	3,5	5,1	3,7
Aug.....	4,0	6,7	4,5
Sep.....	3,7	7,2	4,3
Okt.....	3,8	7,8	4,5



**Tabel 4. Pryse van verbruikersgoedere en -dienste**

Percentasieverandering oor twaalf maande


	Goedere	Dienste	Omvattende	Kern-items*
1998: Jan.....	5,7	5,5	5,6	7,2
Feb .....	5,5	5,2	5,4	7,0
Mrt .....	5,5	5,3	5,4	6,9
Apr.....	5,8	4,0	5,0	7,1
Mei.....	5,9	4,2	5,1	7,3
Jun.....	5,9	4,2	5,2	7,4
Jul.....	6,0	7,5	6,6	7,2
Aug.....	6,3	9,2	7,6	7,6
Sep.....	6,6	11,8	9,1	7,7
Okt.....	6,4	12,0	9,0	7,7

\* Verandering in die omvattende verbruikerspryssindeks met die uitsluiting van die prysie van vars en bevrone vleis en vis; groente, vars vrugte en neute; rentekoerse op verbandlenings, oortrekkings en persoonlike lenings; belasting op toegevoegde waarde; en elendomsbelastings.


prysinflasie is gedurende die afgelope bykans dertig jaar volgehou deur die groei in omvattende binnelandse vraag, wat meer was as die groei in binnelandse produksie. Die vertraging van inflasie in die eerste helfte van 1999 sal bepaal word deur die mate waarin die

### Verbruikerspryse

Percentasieverandering oor twaalf maande



### Kerninflasie



styging in rentekoerse gedurende 1998 gaan bydra tot die tempering van groei in die binnelandse vraag. Die dempende uitwerking van swakker groei in vraag op waargenome inflasie sal versterk word deur verlangsamings in die koers van toename in die verbruikerspryssindeks, voortspruitend uit verlagings in rentekoerse en die kwynende uitwerking van die depresiasi van die rand.

## Inflasie

Die afwaartse fase vanaf die begin van 1997 in die koers van verandering oor twaalf maande in prys op produksie- sowel as verbruikersvlak, het in die tweede kwartaal van 1998 tot 'n einde gekom. Die groei in produksiepryse het oor die ses maande tot September 1998 betekenisvol versnel namate die rand gedepresieer het. Die verbruikersprysindeks is op sy beurt sterk beïnvloed deur die skerp stygging in die prys van verbruikersdienste, veral rentekoerse op verbandlenings.

Die koers van toename oor tydperke van twaalf maande in die *omvattende produksieprysindeks* het bykans verdubbel van 2,3 persent in Maart 1998 tot 4,5 persent in Augustus en 4,3 persent in September. Die prys van ingevoerde goedere het met 1,1 persent in die jaar tot Mei 1998 gedaal, maar was in Oktober 7,8 persent hoër as 'n jaar tevore. Die versnelling in die prys van ingevoerde goedere was heelwat opsigteliker indien dit van kwartaal tot kwartaal en teen seisoensaangepaste jaarkoerse gemeet word - 'n prysstygging van 0,8 persent in die tweede kwartaal van 1998 is deur 'n toename van 26,9 persent in die derde kwartaal gevolg.

Die deurgee van die depresiasi van die rand en die gepaardgaande toenames in die prys van ingevoerde goedere het in die derde kwartaal van 1998 'n taamlik geringe uitwerking op die prys van binnelandse geproduseerde goedere gehad. Die koers van toename oor tydperke van twaalf maande in die prys van binnelandse geproduseerde goedere het slegs matig van 3,2 persent in Junie 1998 tot 4,0 persent in Augustus en 3,8 persent in Oktober versnel. Met inagneming van die betreklike sterk toenames in arbeidseenheidskoste en die stygging in die prys van ingevoerde intermediére goedere, kan 'n mate van versnelling in die produksieprysindeks redelikewys verwag word. Andersins sal toenames in koste deur binnelandse produsente geabsorbeer moet word.

**Tabel 3. Produksieprysindekse**


Persentasieverandering oor twaalf maande

	Binnelands geproduseerde goedere	Ingevoerde goedere	Alle goedere
1998: Jan.....	4,1	-0,5	3,2
Feb.....	3,6	-2,3	2,5
Mrt.....	3,3	-1,9	2,3
Apr.....	3,2	1,3	2,9
Mei.....	3,3	-1,1	2,4
Jun.....	3,2	0,9	2,8
Jul.....	3,5	5,1	3,7
Aug.....	4,0	6,7	4,5
Sep.....	3,7	7,2	4,3
Okt.....	3,8	7,8	4,5

Die *omvattende verbruikersprysindeks*, wat rentebetalings op verbandlenings insluit, het met 9,1 persent in die twaalf maande tot September 1998 gestyg, vergeleke met 5,0 persent in April. Toenames oor twaalf maande in die prys van dienste het dié van goedere sedert Julie 1998 oortref, hoofsaaklik as gevolg van die sterk stygging in rentebetalings op verbandlenings. Gevolglik was die versnelling van prystoenames oor tydperke van twaalf maande in die geval van *kerninflasie* meer gedemp. Dit het van 6,9 persent in Maart 1998 tot 7,7 persent in September gestyg. Die kerninflasiekoers, gemeet van kwartaal tot kwartaal teen 'n seisoensaangepaste jaarkoers het weliswaar van 11,1 persent in die tweede kwartaal van 1998 tot 6,2 persent in die derde kwartaal gedaal.

Die onlangse versnelling in verbruikerspryse as gevolg van die skerp stygging in verband- en ander rentekoerse behoort nie as die begin van 'n nuwe fase van stygende inflasie gesien te word nie. Binnelandse vraagtoestande speel saam met insetkostes, soos arbeidsvergoeding en die koste om teleen, 'n belangrike rol in die bepaling van verbruikerspryse. Verbruikers-

## Produksieprysindeks



**Tabel 4. Pryse van verbruikersgoedere en -dienste**

Persentasieverandering oor twaalf maande



	Goedere	Dienste	Omvattend	Kern-items*
1998: Jan.....	5,7	5,5	5,6	7,2
Feb .....	5,5	5,2	5,4	7,0
Mrt .....	5,5	5,3	5,4	6,9
Apr.....	5,8	4,0	5,0	7,1
Mei.....	5,9	4,2	5,1	7,3
Jun.....	5,9	4,2	5,2	7,4
Jul.....	6,0	7,5	6,6	7,2
Aug.....	6,3	9,2	7,6	7,6
Sep.....	6,6	11,8	9,1	7,7
Okt.....	6,4	12,0	9,0	7,7

\* Verandering in die omvattende verbruikersprysindeks met die uitsluiting van die prysie van vars en bevrone vleis en vis; groente, vars vrugte en neute; rentekoerse op verbandlenings, oortrekkings en persoonlike lenings; belasting op toegevoegde waarde; en eiendomsbelastings.


prysinflasie is gedurende die afgelope bykans dertig jaar volgehou deur die groei in omvattende binnelandse vraag, wat meer was as die groei in binnelandse produksie. Die vertraging van inflasie in die eerste helfte van 1999 sal bepaal word deur die mate waarin die

### Verbruikerspryse

Persentasieverandering oor twaalf maande



### Kerninflasie



Veranderings van kwartaal tot kwartaal teen seisoensaangepaste jaarkoerse

styging in rentekoerse gedurende 1998 gaan bydra tot die tempering van groei in die binnelandse vraag. Die dempende uitwerking van swakker groei in vraag op waargenome inflasie sal versterk word deur verlangsamings in die koers van toename in die verbruikersprysindeks, voortspruitend uit verlagings in rentekoerse en die kwynende uitwerking van die depresiasiie van die rand.

## Buitelandse handel en betalings

### Lopende rekening

Die tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans, wat van R14,1 miljard (seisoensaangepas en teen 'n jaarkoers) in die vierde kwartaal van 1997 tot R5,7 miljard in die tweede kwartaal van 1998 gekrimp het, het in die derde kwartaal tot R17,8 miljard toegeneem. So 'n verswakking in die saldo op die lopende rekening is in ooreenstemming met 'n tipiese "J-kurwe"-reaksie op 'n wisselkoersdepresiasi. Volgens die "J-kurwe"-hipotese, sal die saldo op die lopende rekening aanvanklik na 'n wisselkoersdepresiasi verswak en na verwagting eers met 'n tydsloering verbeter aangesien totale vraag en produksie eers met verloop van tyd by die verandering in relatiewe prysé aanpas.

In die eerste drie kwartale van 1998 was die opgehopte tekort op die lopende rekening R10,1 miljard, vergeleke met R5,7 miljard in die ooreenstemmende tydperk van 1997. As 'n persentasie van die bruto binnelandse produk, het die seisoensaangepaste tekort op die lopende rekening van 1,1 persent in die eerste helfte van 1998 tot 2,7 persent in die derde kwartaal toegeneem.

'n Skerp stygging in die waarde van die goedere-invoer was die vernaamste rede vir die verswakking in die saldo op die lopende rekening in die derde kwartaal van 1998. 'n Deel van die stygging in die waarde van invoer gedurende die derde kwartaal van 1998 was die gevolg van die dalende wisselkoers wat die randpryse van ingevoerde goedere verhoog het. Die waarde van die uitvoer het ook gestyg as gevolg van die depresiasi van die rand, maar hierdie stygging kon nie die toename in invoerwaardes ten volle neutraliseer nie. Netto dienste- en oordragbetalings aan die res van die wêreld het in die derde kwartaal van 1998 matig gedaal, wat verhinder het dat die saldo op die lopende rekening nog verder verswak.

Die waarde van die goedere-invoer (seisoensaangepas en teen 'n jaarkoers) wat vanaf die derde kwartaal van 1997 tot die tweede kwartaal van 1998 min gegroei het, het buitengewoon sterk gestyg van R134,7 miljard in die tweede kwartaal van 1998 tot R163,0 miljard in die derde kwartaal; dit wil sê met 21 persent. Stewige toenames is gedurende die derde kwartaal van 1998 in die waardes van meeste van die invoerkategorieë opgemerk, maar besondere groot toenames is in die kategorie vir vervaardigde goedere aangeteken. Skerp toenames is in die subkategorieë vir masjinerie en elektriese toerusting aangeteken, meer in die besonder by elektroniese en telekommunikasietoerusting, en by voertuie en vervoertoerusting wat die aankoop van 'n nuwe passasiersvliegtuig deur die Suid-Afrikaanse Lugdiens ingesluit het.

Die fisiese hoeveelheid goedere-invoer het van die tweede tot die derde kwartaal van 1998 met 6½ persent gestyg. Die faktore wat hoofsaaklik vir die stygging in die volume van die goedere-invoer tussen die tweede en die derde kwartaal van 1998 verantwoordelik was, was die volgehoudende vlak van die totale reële finale vraag in die ekonomie, die eenmalige impak van die aankoop van die vliegtuig, die reeds bestaande verbintenis tot die uitbreiding van die telekommunikasienetwerk, uitvoerkontrakte van voertuigvervaardigers wat ingevoerde intermediaire goedere en toerusting benodig en die vroeë invoer van goedere en toerusting om later hoër prysé te vermy. Stadige groei in invoer gedurende die eerste helfte van die jaar het nietemin meegebring dat die volume van ingevoerde goedere in die eerste drie kwartale van 1998 slegs 1,8 persent hoër was as in die ooreenstemmende tydperk van 1997.

Toenames in invoerpryse was in die eerste helfte van 1998 betreklik gedemp omdat inflasie in die handelsvennootlande op laevlakke gehou is en internasionale oliepryse onder druk geklop het. Hierdie

**Tabel 5. Lopende rekening van die betalingsbalans**

Seisoensaangepaste jaarkoerse

R miljarde

	1997				1998		
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	1e kw	2e kw	3e kw
Goedere-uitvoer .....	107,7	115,9	115,3	117,6	124,2	126,3	137,1
Netto gouduitvoer .....	26,8	24,7	26,0	25,7	25,5	23,0	26,9
Goedere-invoer .....	-123,6	-128,6	-132,1	-139,0	-139,1	-134,7	-163,0
Netto dienste- en oordragbetalings.....	-17,7	-17,3	-18,2	-18,4	-18,5	-20,3	-18,8
<b>Saldo .....</b>	<b>-6,8</b>	<b>-5,3</b>	<b>-9,0</b>	<b>-14,1</b>	<b>-7,9</b>	<b>-5,7</b>	<b>-17,8</b>

teeninflasioneerde kragte is slegs matig teenewerk deur 'n geringe depresiasi van die rand van ongeveer 4 persent in die eerste vier-en-'n-half maande van 1998. In die derde kwartaal van 1998 is die volle impak van die skerp daling van die nominale effektiewe wisselkoers tussen die middel van Mei en 6 Julie egter gevoel; invoerpryse het gevvolglik van die tweede tot die derde kwartaal met gemiddeld 13½ persent gestyg.

Die waarde van die *goedere-uitvoer* het van 'n seisoensaangepaste jaarkoers van R126,3 miljard in


die tweede kwartaal van 1998 tot R137,1 miljard in die derde kwartaal gestyg. Hierdie styging verteenwoordig 'n toename van 8½ persent van kwartaal tot kwartaal. Die *pryse van uitvoerprodukte*, waarvan baie in buitelandse valuta vasgestel word, het by die depresiasi van die rand gebaat. Soos verwag kon word het die gemiddelde randpryse van goedere wat vanaf Suid-Afrika uitgevoer is van die tweede tot die derde kwartaal van 1998 met 12½ persent gestyg.

Die *hoeveelheid goedere-uitvoer* het in die derde kwartaal van 1998 met ongeveer 3½ persent gedaal. Die swak ekonomiese toestande van lande in Asië het 'n sterk vernouende uitwerking op groei in die reële uitvoer gehad. Die deel van uitvoer wat vir lande in Asië bestem is, het gevvolglik as 'n persentasie van totale goedere-uitvoer van 30 persent in die eerste drie kwartale van 1997 tot 24 persent in die ooreenstemmende periode van 1998 gedaal. Mynbou- en landbouprodukte is besonder nadelig getref deur die daling in reële inkome en besteding in die Asiatische lande.


Die waarde van die *netto gouduitvoer* teen seisoensaangepaste jaarkoers het van R25,5 miljard in die eerste kwartaal van 1998 tot R23,0 miljard in die tweede kwartaal gedaal, maar daarna sterk herstel tot R26,9 miljard in die derde kwartaal. Die toename in die derde kwartaal van 1998 kan toegeskryf word aan hoér randpryse wat vir gouduitvoer behaal is en 'n toename in die hoeveelheid goud wat uitgevoer is. Hoewel die gemiddelde vasstellingsprys van goud op die Londense mark van VSA\$300 per fyn ons in die tweede kwartaal van 1998 tot VSA\$288 per fyn ons in die derde kwartaal gedaal het, het die goudprys in rand oor dieselfde tydperk van R1 551 per fyn ons tot R1 790 per fyn ons beweeg. Die dollarprys van goud het in Oktober 1998 tot VSA\$296 per fyn ons toegeneem terwyl die randprys tot R1 714 per fyn ons teruggesak het namate die rand 'n deel van sy vroeëre verliese teenoor die dollar herwin het. Goudproduksie wat min of meer dieselfde gebly het en die verkoop van goud wat oor die vorige kwartale opgepot is, het 'n styging van 5½ persent in die fisiese hoeveelheid gouduitvoer van die tweede tot die derde kwartaal van 1998 meegebring.

*Netto dienste- en oordragbetelings* aan nie-inwoners (seisoensaangepas en teen 'n jaarkoers) wat in die tweede kwartaal tot R20,3 miljard toegeneem het, het in die derde kwartaal tot R18,8 miljard gedaal. Hierdie verbetering in die tekort op die diensterekening is meegebring deur 'n toename van R2,1 miljard in ontvangste vir dienste, wat hoér was as die styging van R0,6 miljard in betelings vir dienste. Toenames is veral aangeteken in dienste-ontvangste uit passasiersreisgelde en beleggingsinkome op buitelandse beleggings wat onlangs deur individue en maatskappye gemaak is. Die matige toename in betelings vir dienste was die gevolg van die hoér vlak van die buitelandse handel en die


## Lopende rekening



## Handelsrekening



## Reële in- en uitvoer van goedere



## Kapitaalrekening

Een van die tale gevolge van die onstuimigheid in die internasionale finansiële markte en die skerp daling in die eksterne waarde van die rand, was 'n dramatiese oomkeer in die kapitaalrekening van die betalingsbalans. Namate internasionale opvattingen jeens belegging in ontwikkelende markte negatief geword het, het die netto inwaartse beweging van kapitaal na Suid-Afrika (nie verwant aan reserwes nie), van R10,0 miljard in die eerste kwartaal van 1998 tot R1,8 miljard in die tweede kwartaal gekrimp en daarna in 'n netto uitvloeiing van R5,4 miljard in die derde kwartaal verander. Hierdie uitvloeiing van kapitaal is verklaar deur uitvloeiings van lang- en korttermynkapitaal.

Die netto bewegings van *langtermynkapitaal* het 'n skielike ommeswaai getoon: invloeiinge van langtermynkapitaal van R16,3 miljard in die eerste kwartaal van 1998 en R10,4 miljard in die tweede kwartaal is deur 'n netto uitvloeiing van R2,3 miljard in die derde kwartaal gevolg. Die netto uitvloeiinge in die derde kwartaal van 1998 was hoofsaaklik tot die openbare sektor en die monetêre sektor beperk, terwyl die private nie-banksektor steeds 'n betreklike sterk invloeiing van langtermynkapitaal ondervind het.

Die uitvloeiing van langtermynkapitaal vanaf die *openbare sektor* in die derde kwartaal was hoofsaaklik in die vorm van netto verkope deur nie-inwonerbeleggers van langtermynneffekte van die Suid-Afrikaanse regering

gepaardgaande betalings vir vrag en versekering, en hoër rentebetalings as gevolg van die verhoogde buitelandse skuldblootstelling van Suid-Afrikaanse besighede.

**Tabel 6. Netto kapitaalbewegings nie verwant aan reserwes nie**

R miljarde


	1997			1998			
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	1e kw	2e kw	3e kw
<b>Langtermynkapitaal</b>							
Openbare owerhede .....	1,0	12,2	2,1	-2,5	6,2	1,9	-4,7
Openbare korporasies.....	1,4	4,8	0,8	-0,2	0,9	1,9	0,3
Monetêre sektor .....	-0,2	-0,1	-0,3	-0,2	-0,6	-0,4	-3,9
Private sektor .....	2,0	-2,0	5,7	5,5	9,8	7,0	6,0
<b>Totale langtermynkapitaal .....</b>	<b>4,2</b>	<b>14,9</b>	<b>8,3</b>	<b>2,6</b>	<b>16,3</b>	<b>10,4</b>	<b>-2,3</b>
<b>Korttermynkapitaal</b>							
Monetêre sektor ...	2,3	3,3	-4,5	0,0	-1,7	1,7	1,9
Ander, insluitende onaangetekende transaksies .....	-2,7	-5,2	-2,3	-0,7	-4,6	-10,3	-5,0
<b>Totale korttermynkapitaal .....</b>	<b>-0,4</b>	<b>-1,9</b>	<b>-6,8</b>	<b>-0,7</b>	<b>-6,3</b>	<b>-8,6</b>	<b>-3,1</b>
<b>Totale kapitaal.....</b>	<b>3,8</b>	<b>13,0</b>	<b>1,5</b>	<b>1,9</b>	<b>10,0</b>	<b>1,8</b>	<b>-5,4</b>

ter waarde van R14,9 miljard. Openbare korporasies het gedurende die derde kwartaal netto buitelandse befondsing bekom, hoewel op 'n aansienlik meer beperkte skaal as die vermindering van nie-inwonerbesit van langtermynregeringsekuriteite. Hierdie uitvloeiing na die openbare korporasies is sterk oorheers deur die reëlings wat vir die finansiering van die aankoop van die nuwe passasiersvliegtuig deur die Suid-Afrikaanse Lugdiens getref is.

Die monetêre sektor het in die derde kwartaal 'n netto uitvloeiing van langtermynkapitaal ten bedrae van R3,9 miljard ondervind. Hierdie uitvloeiing was hoofsaaklik die gevolg van die verkryging van die aankoop van die nuwe passasiersvliegtuig deur die Suid-Afrikaanse Lugdiens plaaslik gevestigde banke.


Die beweging van internasionale langtermynkapitaal na die binnelandse private sektor het van 'n netto bedrag van R7,0 miljard in die tweede kwartaal van 1998 tot R6,0 miljard in die derde kwartaal gedaal. Die belangrikste kragte agter die netto invloeiing van langtermynkapitaal na die private nie-banksektor was 'n aansienlike bedrag aan buitelandse regstreekse belegging in die land en die volgehoue aankope deur nie-inwonerbeleggers van aandele op die Johannesburgse Aandelebeurs. Senuagtigheid onder internasionale beleggers oor die kwaliteit van belegging in ontwikkelende markte het klaarblyklik nie aandelebeleggings in Suid-Afrika gedurende die derde kwartaal van 1998 ontmoedig nie.

**Netto kapitaalbewegings (nie verwant aan reserwes nie)**



**Korttermynkapitaalbewegings (nie verwant aan internasionale reserwes nie, maar met insluiting van onaangetekende transaksies)** uit die land het in die derde kwartaal van 1998 onverpoosd voortgeduur. Die intensiteit van hierdie uitvloeiing het in die derde kwartaal van 1998 afgeneem toe die uitvloeiing van korttermynkapitaal R3,1 miljard was, vergeleke met R8,6 miljard in die vorige kwartaal. Die private banke was sterk op die voorgrond in hierdie bewegings: die uitstaande korttermyn buitelandse laste van banke het gedurende die tweede kwartaal van 1998 met R1,7 miljard en in die derde kwartaal met R1,9 miljard verhoog, hoofsaaklik deur 'n verhoging in deposito's in buitelandse valuta deur nie-inwoners. Hierdie uitvloeiing van korttermynkapitaal

## Langtermynkapitaalbewegings



is egter ten volle geneutraliseer deur veranderings in die vervroegings en vertragings in buitelandse betalings en ontvangste deur ander instansies in die lig van die verswakking van die rand, wat tot 'n daling in die korttermynlaste van die private nie-banksektor en 'n toename in die korttermyn buitelandse bates van hierdie instellings, oftewel 'n uitvloeiing van korttermynkapitaal, aanleiding gegee het.

## Buitelandse skuld

Suid-Afrika se totale uitstaande buitelandse skuld het van VSA\$39,2 miljard aan die einde van Desember 1997

tot VSA\$38,8 miljard aan die einde van Junie 1998 gedaal. Vanweë die skerp depresiasié van die rand teenoor die dollar gedurende die eerste helfte van 1998, het die randwaarde van die totale buitelandse skuld van R190,8 miljard aan die einde van 1997 tot R228,9 miljard aan die einde van Junie 1998 gestyg.

Die land se skuld wat in buitelandse geldeenhede betitel is, het met 1½ persent van VSA\$25,2 miljard aan die einde van 1997 tot VSA\$24,8 miljard teen die middel van 1998 gedaal. Die dollar-ekwivalent van skuld wat in rand betitel is, het daarenteen oor dieselfde tydperk onveranderd op VSA\$14,0 miljard gebly. Gemaat in rand, het nie-inwoners hul besit aan vasterentedraende sekuriteite egter van R50,6 miljard aan die einde van Desember 1997 tot R59,9 miljard aan die einde van Junie 1998 verhoog.

Buitelandse skuld as 'n persentasie van die bruto binnelandse produk het effens gestyg van 30,4 persent aan die einde van 1997 tot 30,9 persent aan die einde van Junie 1998. Korttermynskuld betitel in buitelandse geldeenhede met 'n onverstreke looptyd van minder as twaalf maande het aan die einde van Junie 1998 ongeveer 55,9 persent beloop van totale skuld wat in buitelandse geldeenhede betitel was. Die vergelykende

**Tabel 7. Buitelandse skuld van Suid-Afrika**  
VSA\$ miljarde teen jaareinde

	1994	1995	1996	1997	1998*
<b>Heronderhandelde skuld</b>	<b>3,4</b>	<b>3,0</b>	<b>2,7</b>	<b>2,5</b>	<b>2,3</b>
Openbare sektor .....	0,8	1,1	1,3	1,2	1,2
Monetêre sektor .....	1,0	0,7	0,3	0,2	0,1
Nie-monetêre private sektor.....	1,6	1,2	1,1	1,1	1,0
<b>Ander skuld betitel</b>					
<b>in buitelandse</b>					
<b>geldeenhede.....</b>	<b>18,3</b>	<b>22,4</b>	<b>23,3</b>	<b>22,7</b>	<b>22,5</b>
Openbare sektor .....	3,4	4,5	4,7	4,2	3,5
Monetêre sektor .....	3,9	4,9	6,6	7,5	8,4
Nie-monetêre private sektor.....	4,5	6,3	5,9	5,7	5,4
Toondereffekte en note uitgiftes .....	2,7	3,8	4,0	4,0	4,2
Omgeskakelde langtermynlenings .....	3,8	2,9	2,1	1,3	1,0
<b>Totale skuld betitel</b>					
<b>in buitelandse</b>					
<b>geldeenhede.....</b>	<b>21,7</b>	<b>25,4</b>	<b>26,0</b>	<b>25,2</b>	<b>24,8</b>
<b>Skuld betitel in rand .....</b>	<b>8,0</b>	<b>9,9</b>	<b>8,5</b>	<b>14,0</b>	<b>14,0</b>
Effekte .....	5,3	7,3	6,3	10,4	10,2
Ander .....	2,7	2,6	2,2	3,6	3,8
<b>Totale buitelandse skuld</b>	<b>29,7</b>	<b>35,3</b>	<b>34,5</b>	<b>39,2</b>	<b>38,8</b>

\* Aan die einde van Junie

verhouding aan die einde van Desember 1997 was effens hoër op 56,0 persent.

### Buitelandse reserwes

Die gesamentlike uitwerking van tekorte op die lopende en kapitaalrekenings van die betalingsbalans was 'n daling van R11,3 miljard in die land se *netto goud- en ander buitelandse reserwes* gedurende die derde kwartaal van 1998. Dit het meegebring dat die verandering in die land se netto goud- en ander buitelandse reserwes in die eerste drie kwartale van 1998 op 'n daling van R3,6 miljard uitgeloop het. Hierdie daling is in teenstelling met 'n oppou van die netto goud- en ander buitelandse reserwes ten bedrae van R10,9 miljard in 1997. In Oktober 1998 het die netto goud- en ander buitelandse reserwes van die Reserwebank met R0,5 miljard gestyg.

Suid-Afrika se *bruto goud- en ander buitelandse reserwes*, wat in die eerste helfte van 1998 met R18,6 miljard gestyg het, het in die derde kwartaal met R10,1 miljard gedaal. Aan die einde van September 1998 het totale bruto buitelandse reserwes R44,0 miljard beloop waarvan goudbesit 14 persent uitgemaak het. Ingelus by die buitelandse valutabesit aan die einde van September 1998 was 'n bedrag van R18,4 miljard wat deur korttermynlenings bekom is met die uitsluitlike doel om die vlak van die bruto internasionale reserwes aan te vul.

Die bruto buitelandse reserwes van die land was aan die einde van September 1998 gelykstaande aan die


waarde van invoer van goedere en dienste vir 'n tydperk van 10½ weke, vergeleke met bykans 15 weke aan die einde van Junie. Die netto oorverkoop oop posisie in buitelandse valuta van die Reserwebank het gevoldig van Augustus tot Oktober 1998 bykans onveranderd op VSA\$23,2 miljard gebly en daarna in November effens gedaal.

### Wisselkoerse


Die *nominale effektiewe wisselkoers van die rand* wat vanaf die einde van Desember 1997 tot 6 Julie 1998 met 25,8 persent gedaal het, het verder met 0,9 persent gedaal tot 'n laagste indekswaarde ooit op 28 Augustus 1998. In die daaropvolgende weke het 'n mate van bestendigheid tot die markte teruggekeer wat heelwat kalmer handelstoestande en 'n geleidelike appresiasie van 13,8 persent in die rand vanaf 28 Augustus 1998 tot 25 November meegebring het. Vertroue in die rand is versterk toe Moody's Beleggingsdienste, die internasionale graderingsagentskap, 'n onveranderde beleggingskredietgradering aan Suid-Afrika toegeken het maar die vooruitsig van "negatief" na "stabiel" hersien het. Nuus van aansienlike tekorte op die land se handelsrekening gedurende Oktober en November kon nie verhinder dat die rand op 'n handelsgeweegde grondslag appresieer nie.

Die maandelikse gemiddelde van die *inflasie-aangepaste effektiewe wisselkoers* van die rand het van Desember 1997 tot Augustus 1998 met 18,7 persent

### Totale bruto internasionale reserwes



### Nominale effektiewe wisselkoers van die rand



**Tabel 8. Wisselkoerse van die rand**

Persentasieverandering

	22 Mei 1998	6 Jul 1998	28 Aug 1998	31 Des 1997
	tot	tot	tot	tot
	6 Jul 1998	28 Aug 1998	25 Nov 1998	25 Nov 1998
Geweegde gemiddelde.....	-22,7	-0,9	13,8	-16,3
VSA-dollar .....	-23,2	-0,7	17,1	-14,5
Britse pond.....	-23,6	-1,7	17,0	-14,6
Duitse mark.....	-21,0	-1,6	11,2	-18,6
Japanese yen .....	-20,5	1,2	-1,2	-20,5
Nederlandse gulden .....	-21,0	-1,6	11,1	-18,5
Italiaanse lira .....	-21,0	-1,4	11,4	-18,0
<b>Ontwikkelende markte</b>				
Indonesiese roepia .....	3,3	-25,7	-19,5	11,2
Maleisiëse ringgit .....	-15,2	0,4	5,2	-16,2
Filippynse peso .....	-17,7	5,9	4,6	-16,7
Singapoerse dollar .....	-19,7	3,3	7,7	-16,5
Taiwanese dollar .....	-21,4	0,5	9,2	-15,0

gedaal en daarna tot September met 1,3 persent toegeneem. Die algehele depresiasie vanaf Desember 1997 tot September 1998 het 17,6 persent beloop. Die verbetering in die internasionale mededingendheid van binnelandse produsente wat deur die reële depresiasie van die rand meegebring is, mag moontlik tot 'n toekomstige herstel in die ekonomie bydra, mits binnelandse kostetoenames genoegsaam in bedwang gehou kan word om die verhoogde mededingendheid behoue te laat bly.

Soos wat in Tabel 8 aangedui word, het die rand onlangs ook teen 'n aantal Asiatiese geldeenhede geappresieer. Vanaf die einde van 1997 het die rand egter teenoor die meeste van die Asiatiese geldeenhede gedepresieer en sodoende van die mededingendheid herwin wat verlore gegaan het toe hierdie geldeenhede in die tweede helfte van 1997 skerp gedepresieer het.

Die netto gemiddelde daaglikske omset in die mark vir buitelandse valuta, wat skerp toegeneem het van VSA\$3,8 miljard in die eerste kwartaal van 1998 tot VSA\$10,9 miljard in die tweede kwartaal toe die onstuimigheid in die Suid-Afrikaanse finansiële markte uitgebreek het, het in die derde kwartaal van 1998 weer tot VSA\$9,8 miljard gedaal. Die geleidelike terugkeer van bestendigheid na die mark is gekenmerk deur 'n daling in die gemiddelde netto daaglikske omset van 'n hoogtepunt van VSA\$13,4 miljard in Junie 1998 tot VSA\$10,1 miljard in Julie, VSA\$9,7 miljard in Augustus en VSA\$9,5 miljard in September.

## Monetêre ontwikkelings, rentekoerse en finanziële markte


### Geldvoorraad

Die omvattend gedefinieerde geldvoorraad (M3) het in die eerste nege maande van 1998 vinnig toegeneem en tussen 15,0 persent en 19,4 persent gewissel. Hierdie jaarlike groeikoerse was aansienlik hoër as die boonste perk van die riglyngebied van tussen 6 en 10 persent wat die Reserwebank as een van 'n stel aanwysers aangedui het wat in aanmerking geneem sal word by die neem van monetêre beleidsbesluite.


Die jaar-tot-jaar toename in M3 het skynbaar iets wat van 19,4 persent aan die einde van die tweede kwartaal van 1998 tot 16,7 persent aan die einde van die derde kwartaal verlangsaam. Hierdie oënskynlike verlangsaming word nie deur veranderings in die seisoensaangepaste kwartaallikse gemiddelde waardes van M3 gestaaf nie. Die toename in die kwartaallikse waardes van M3, wat van 'n jaarkoers van 23,1 persent in die vierde kwartaal van 1997 tot 14,3 persent in die tweede kwartaal van 1998 afgeplat het, het in die derde kwartaal skerp tot 18,8 persent versnel. Die moontlikheid dat hierdie groei en die onlangse vinnige toename in geld tot hoër toekomstige inflasie kan lei, hou 'n voortdurende bedreiging vir volgehoue laer inflasie in. Die toename in die omvattende geldvoorraad sal verder moet afneem om in ooreenstemming te bly met die doelwit van lae en bestendige inflasie.

Die toename in die geldvoorraad het die groei in die nominale bruto binnelandse produk in die derde kwartaal

### Inkome-omloopsnelheid van M3



### M3-geldvoorraad



van 1998 vir die twintigste opeenvolgende kwartaal oorskry. Gevolglik het die inkome-omloopsnelheid van M3 nou weer nader gekom aan die laagtepunt wat in 1965 aangeteken is. Die jongste afname in die totale inkome-omloopsnelheid kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die internasionale finanziële krisis wat 'n groot verskuiwing in batevoorkeur vanaf beleggings in vasterentedraende bates met lang looptye en aandele na likiede bates met kort looptye, insluitende deposito-tipe beleggings by banke, tot gevolg gehad het.

Bewyse van die sterk likiditeitsvoorkeur van die private nie-banksektor gedurende die eerste drie kwartale van 1998 word in Tabel 9 aangebied. Die veranderings in die komponente van M3 bring 'n toenemende voorkeur vir die hou van korttermyndeposito's ten koste van langertermyndeposito's duidelik na vore.

Ander onmiddellik opvraagbare deposito's was in die tweede en derde kwartale van 1998 sterk in aanvraag terwyl tjk- en transmissiedepositos gedurende die eerste nege maande van die jaar ook voortdurend toegeneem het. Die gesamentlike toenames in hierdie twee deposito-kategorieë het in die tweede en derde kwartale van 1998 136 persent van die algehele toename in M3 beloop. Daarenteen het ander kort-, medium- en langertermyndeposito's in die tweede en derde kwartaal met 'n bedrag gelykstaande aan 37 persent van die algehele toename in M3 afgeneem. Hierdie verskuiwings in die samestelling van M3 was 'n weerspieëeling van die private nie-banksektor se toenemende voorkeur vir likiede bates teen 'n agtergrond van dalende aandelepryse en stygende opbrengs-

**Tabel 9. Kwartaallikse veranderings in note, munte en bank deposito's van die private sektor**

R miljarde

	1998		
	1e kw	2e kw	3e kw
Note en munte in omloop.....	-0,5	0,3	-0,2
Tjek- en transmissiedeposo'ts..	2,1	5,0	0,7
Ander onmiddellik opvraagbare deposito's .....	2,1	21,2	15,8
Ander kort- en mediumtermyn-deposito's .....	4,1	-3,3	-5,8
Langtermyndeposito's.....	5,3	-1,1	-1,3

koerse op effekte, asook die monetêre sektor se befondsingstrategieë wat op die verkorting van die looptye van depositolaste gedurende 'n tydperk van hoogs onsekere rentekoersbewegings gerig was.


Die jaarlikse groeikoerse in die enger monetêre totale het ook 'n voorkeur vir korttermyndeposito's by monetêre instellings geopenbaar. Die groeikoers oor twaalf maande in M1 het byvoorbeeld die groei in M3 vanaf April 1998 oorskry – die verskil in die groei was in Augustus meer as 24 persentasiepunte ten gunste van M1 (kyk Tabel 10).

Die belangrikste teenhanger (in 'n statistiese of rekeningkundige sin) van die toename van R9,2 miljard in M3 in die derde kwartaal van 1998 was 'n stygging in die monetêre sektor se eise teen die private en die regeringsektor. Die absolute waarde van die toename in elk van hierdie kredietgroothede was egter aansienlik kleiner as dié in die tweede kwartaal. Boonop is die versagtende invloed van die verlangsaming in binnelandse kredietverlening op die algehele monetêre groei in die derde kwartaal van 1998 deur 'n volgehoue afname in die netto buitelandse bates van die monetêre sektor versterk.

**Tabel 10. Groeikoerse oor twaalf maande in M1 en M3**

Tydperk	M1	M3
1998: Jan.....	22,9	17,2
Feb.....	22,8	18,0
Mrt .....	14,7	15,0
Apr .....	25,2	17,5
Mei .....	26,0	16,1
Jun.....	35,3	19,4
Jul .....	40,6	19,1
Aug .....	43,7	18,9
Sep .....	33,6	16,7

**Onmiddellik opeisbare en termyndeposito's as persentasie van M3**



In die derde kwartaal van 1998 was tekorte wat as gevolg van die Reserwebank se betrokkenheid in die termynvalutamark ontstaan het 'n belangrike rekeningkundige teenhanger van die toename in M3. (Kyk tabel 11).

**Tabel 11. Rekeningkundige teenhangers van veranderings in M3**

R miljarde

	1998		
	1e kw	2e kw	3e kw
Netto buitelandse bates .....	5,8	-5,0	-15,9
Netto eise teen regeringsektor	-2,5	11,8	5,1
Bruto eise .....	-1,2	4,4	6,6
Deposo'ts (+ afname, - toename) .....	-1,3	7,4	-1,5
Eise teen die private sektor .....	17,3	23,5	8,3
Netto ander bates .....	-7,5	-8,2	11,7
<b>Totale verandering in M3.....</b>	<b>13,1</b>	<b>22,1</b>	<b>9,2</b>

## Kredietverlening

Die koers van toename oor twaalf maande in *totale binnelandse kredietverlening* deur die monetêre sektor het van 16,6 persent in Desember 1997 tot 14,3 persent in Maart afgeneem voordat dit weer tot 21,7 persent in Augustus 1998 versnel het. Die toename in totale binnelandse kredietverlening oor een jaar het daarna weer tot 19,3 persent in September 1998 teruggesak. Die groei van kwartaal tot kwartaal teen 'n seisoensaangepaste jaarkoers in die gemiddelde vlak van totale kredietverlening het van 16,0 persent in die eerste kwartaal van 1998 tot 24,1 persent in die tweede kwartaal en 23,4 persent in die derde kwartaal versnel.

Die betreklik vinnige koers van kredietverlening in die derde kwartaal van 1998 was hoofsaaklik die gevolg van vinniger groei in kredietverlening aan die *private niebanksektor*. Die groei oor twaalf maande in kredietverlening aan die private sektor het van 13,3 persent in Januarie 1998 tot 17,5 persent in Augustus versnel; daarna het dit tot 15,3 persent in September afgeneem. Hierdie jaarlikse groeikoerse was hoër as die inflasiekoers soos gemeet deur die veranderings in die verbruikersprysindeks, maar die inflasie aangepaste toename in kredietverlening oor twaalf maande het onlangs van 10,3 persent in Junie 1998 tot 5,8 persent in September 1998 verlangsaam.


'n Ontleding van die monetêre instellings se eise teen die private sektor volgens *soort krediet* toon dat die groei in kredietverlening aan die private sektor in die derde

**Tabel 12. Toename in kredietverlening aan die private sektor volgens vernaamste soort krediet**

R miljarde

Soort krediet	1998		
	1e kw	2e kw	3e kw
Wissels verdiskonter.....	-0,2	1,8	-0,7
Afbetalingsverkoopkrediet .....	0,9	1,1	0,0
Beleggings.....	1,3	1,4	-3,3
Bruikhuurfinansiering.....	-0,8	0,6	0,0
Verbandvoorskotte.....	5,1	5,2	4,2
Ander lenings en voorskotte....	11,1	13,4	8,1
<b>Totaal.....</b>	<b>17,4</b>	<b>23,5</b>	<b>8,3</b>

## Kredietverlening deur monetêre instellings




kwartaal hoofsaaklik uit oortrokke rekenings en ander lenings en voorskotte bestaan het. 'n Toename in die vraag na bedryfskapitaal deur die korporatiewe sektor en 'n mate van leenbedrywigheid deur maatskappye om hulle deur 'n tydperk van betreklik lae vraag in die ekonomie te dra, was van die belangrikste bewegredes vir die styging van die korporatiewe vraag na krediet. Dit is versterk deur 'n toename in die vraag na krediet wat as gevolg van die baie spekulatiewe geleenthede gedurende die tydperk van verhoogde onbestendigheid in die mark vir sekuriteite ontstaan het. Die swakheid van die wisselkoers van die rand het ook 'n aansienlike omskakeling in handelsfinansiering vanaf buitelandse na binnelandse bronne van krediet tot gevolg gehad.

Die toename oor twaalf maande in *verbandvoorskotte* het gedurende die eerste nege maande van 1998 op vlakke laer as 12 persent gebly en het in September 1998 10,7 persent bereik. Die hoë en stygende vlak van nominale rentekoerse op verbandlenings het 'n nadelige uitwerking op die bekostigbaarheid van behuising gehad. Die toekenning van nuwe verbandvoorskotte is drasties ingekort en was in September 1998 32,0 persent laer as in September 1997. Ingesluit by die nuwe regulasies van banktoesighouding wat op 1 Oktober in werking gestel is, was 'n verhoging van die risikobelading van toepassing op nuwe verbandlenings wat groter is as 80 persent van die waarde van die eiendom wat as onderpand dien. Sommige banke het hierop gereageer deur hul koerse op nuwe huislenings wat hierdie perk oorskry, te verhoog. Die stap het die vraag na verbandvoorskotte verder gedemp.

Die toename oor twaalf maande in *afbetelingsverkoopkrediet* het van koers hoër as 20 persent aan die begin van 1997 tot 7,9 persent in September 1998 teruggesak. Insgelyks het *bruikhuurfinansiering* wat in die twaalf maande tot September 1997 met 0,5 persent toegeneem het, in die twaalf maande tot September

## Komponente van kredietverlening aan die private sektor



1998 met 4,3 persent afgeneem. Tanende verbruikersvertroue en 'n gewaarwording dat rykdom afgeneem het, tesame met hoë rentekoerse, het individue daarvan weerhou om hoër vlakke van versekerde lenings aan te gaan. Beleggings het in die derde kwartaal met R3,3 miljard afgeneem as gevolg van korporatiewe herstrukturings ingevolge waarvan beleggings in aandele na nie-bankinstellings oorgedra is.

In teenstelling met krediet aan die korporatiewe sektor het die toename in kredietverlening aan die persoonlike sektor duidelike tekens van verlangsaming getoon. 'n Gewaarwording van 'n afname in rykdom namate aandele- en effektepryse gedaal en verbruikersvertroue afgeneem het, het die toename in kredietverlening aan huishoudings van R5,2 miljard in die tweede kwartaal van 1998 tot R2,0 miljard in die derde kwartaal laat krimp. Uitgedruk as persentasieverandering was die groei van 7,4 persent oor twaalf maande in kredietverlening aan huishoudings heelwat laer as die groei van 25,9 persent in kredietverlening aan die maatskappys sektor.

### Rente- en opbrengskoerse


Opbrengskoerse op effekte, wat van Januarie 1997 tot April 1998 geleidelik gedaal het, het in die daaropvolgende maande skerp toegeneem veral toe nie-inwonerbeleggers begin het met die vermindering van hul besit aan vasterentedraende sekuriteite wat deur die

Suid-Afrikaanse regering en ander semi-staatsinstellings uitgereik is. Hierdie skielike ommekeer van buitelandse beleggingsvloeinge was 'n gevolg van die herwaardering deur internasionale beleggers van die risiko verwant aan belegging in ontwikkelende markekonomieë en het gepaard gegaan met finansiële probleme in 'n aantal lande in Asië en die Russiese Federasie. Die afname in effektepryse het stukrag verkry namate monetêre toestande verstram het om die Suid-Afrikaanse finansiële markte te stabiliseer en nadat die Russiese regering 'n eensydige herstrukturering aangekondig het van alle skuld wat in roebel betitel is.


Die daagliks gemiddelde opbrengskoers op langtermynstaatseffekte het van 'n laagtepunt van 12,67 persent op 17 April 1998 – die laagstevlak sedert Mei 1994 – tot 16,44 persent op 6 Julie toegeneem. Daar was 'n kort verposing in die opwaartse beweging van koerse voordat opbrengskoerse op effekte begin het om vanaf die begin van Augustus sterk te styg tot 'n gemiddeldevlak van 20,09 persent op die 28ste van daardie maand. Opbrengskoerse op effekte het in die daaropvolgende weke tot 15,66 persent op 30 Oktober 1998 afgeneem namate normaliteit in die finansiële markte herstel is en toe die uitkoms van Suid-Afrika se risikowaardering deur 'n vooraanstaande internasionale waarderingsagentskap gunstiger was as wat verwag is. Die maandeliks gemiddelde opbrengskoers op langtermynstaatseffekte het van 12,9 persent in April 1998 tot 18,3 persent in September toegeneem, wat hoër was in nominale en inflasie-aangepaste terme as die rentekoerse wat in die nadraai van die aankondiging van die buitelandse skuldstilstand aangeteken is. In Oktober 1998 het effektepryse weer gestyg en die gemiddelde opbrengskoers op langtermynstaatseffekte het tot 16,5 persent in daardie maand gedaal.

Bewegings in nominale rentekoerse weerspieël hoofsaaklik veranderings in verwagte reële rentekoerse en veranderende inflasieverwagtinge. Die meting van verwagte verbruikersprysinflasie in 1998, soos aangeleid uit die vooruitskatting van 27 professionele ekonome het gemiddeld met ongeveer 1 persentasiepunt sedert Mei toegeneem. Die verwagting is dat die gemiddelde verbruikersprysinflasie in 1999 ongeveer 'n halwe persentasiepunt hoër as die verwagte inflasie in 1998 sal wees. Tussen April en Oktober 1998 was die opwaartse aanpassing in inflasieverwagtinge kleiner as die netto toename in die maandeliks gemiddelde opbrengskoers op langtermynstaatseffekte, wat dui op 'n toename van tussen 2 en 2½ persentasiepunte in reële opbrengskoerse. Deur gebruik te maak van werklik waargenome inflasiekoeuse as 'n aanwyser van inflasieverwagtinge, het die gemiddelde inflasie-aangepaste opbrengskoers op langtermynstaatseffekte van 6,2 persent in die sestien maande tot April 1998 tot 8,3 persent in die tydperk van Mei tot Oktober 1998 toegeneem – 'n toename van effens meer as 2 persentasiepunte. Hierdie styging in reële rentekoerse kan 'n weerspieeling wees van besorgdheid oor 'n moontlike swakker

## Daagliks gemiddelde opbrengskoers op langtermynstaatseffekte



## Nominale opbrengskoers op langtermynstaatseffekte



binnelandse besparingskoers, soos weerspieël word in die groeiende tekort op die lopende rekening van die betalingsbalans asook die ommekaar van internasionale kapitaalbewegings vanaf invloeiinge na die land tot uitvloeiinge uit die land.

Suid-Afrika se klassifikasie deur buitelandse portefeuillebestuurders as 'n ontwikkelende mark het geleid tot 'n nouer samehang tussen die beweging van binnelandse opbrengskoerse op effekte en dié van ander ontwikkelende markte (sien bygaande grafiek). Gevolglik het die rentekoersverskil tussen regeringskuld in Suid-Afrika en dié in die Verenigde State merkbaar verbreed. Die verskil in September 1998 van ongeveer 1 390 basispunte herlei tot 'n inflasie-aangepaste verskil van 560 basispunte, wat aansienlik hoër is as die 330 basispunte wat in April 1998 aangeteken is.

Met die aanvang van die beroering in die binnelandse finansiële markte het die *terugkoopkoers van die Reserwebank* van 14,79 persent op 11 Mei 1998 deur tydperke van groot onbestendigheid gestyg en van 1 September tot 13 Oktober 1998 op 'nvlak van 21,86 persent te staan gekom. Nadat 'n mate van bestendigheid na die internasionale finansiële markte teruggekeer het en die Reserwebank begin het om in 'n groter deel van die daagliks likiditeitsbehoefte van die banke te voorsien, het die terugkoopkoers vanaf 14 Oktober 1998 'n tydperk van geleidelike daling binnegegaan en op 24 November 'nvlak van 19,86 persent bereik.


Voordat die daling in die terugkoopkoers van die Reserwebank 'n aanvang geneem het, het ander geldmarkrentekoerse reeds op 'n verruiming in geld-

marktoestande gedui. Die koers op bankaksepte met 'n looptyd van drie maande het byvoorbeeld op 28 Augustus op 'nvlak van 21,60 persent 'n hoogtepunt bereik. Hierdie rentekoersvlak is tot 16 September volgehou waarna dit geleidelik begin daal het, dit wil sê byna 'n maand voor die eerste daling in die Reserwebank se terugkoopkoers. Teen 24 November 1998 het die koers op bankaksepte met 'n looptyd van drie maande met 368 basispunte tot 17,92 persent gedaal. Die tenderkoers op skatkiswissels met 'n looptyd van drie maande het 'n soortgelyke verloop as dié van bankaksepte gevolg en met 480 basispunte van 'n hoogtepunt van 22,30 persent op 11 September 1998 tot 17,50 persent op 24 November gedaal. Die koers op interbankdaggeledeposito's het op 1 September 1998 'n hoogtepunt van 21,50 persent bereik en op 24 November op 18,25 persent te staan gekom.

Die eerste veiling vir *skuldbriefe* van die Reserwebank is op 16 September 1998 gehou. Die rentekoers het op dié dag op 21,31 persent te staan gekom. Dit het daarna in ooreenstemming met ander rentekoersbewegings tot 18,80 persent op 24 November gedaal.

Die *opbrengskoerskromme* het van 16 April 1998 tot 28 Augustus drasties verander namate die verloop van die kromme oor looptye van minder as drie jaar, van 'n

## Opbrengskoerskrommes



terugkoopkoers van die Reserwebank vanaf 14 Oktober, het die banke hul prima oortrekingskoerse met een persentasiepunt op 'n keer tot 24,50 persent op 19 Oktober en 23,50 persent op 9 November verlaag.


Die oorheersende koers op verbandlenings by banke is met ses persentasiepunte verhoog - in drie stappe van twee persentasiepunte per maand - van 18 persent in Junie 1998 tot 24 persent in September. Vanaf 1 Oktober 1998 het sommige banke ook 'n hoër koers gehef op nuwe huislenings wat 80 persent van die eiendomswaarde oorskry. Hierdie stap was die gevolg van die toename in die kapitaaltoereikendheidsvereiste op sulke verbandlenings wat deur banke toegestaan is. Die banke het die algemene afwaartse beweging van rentekoerse gevolg deur die oorheersende koers op verbandlenings met ongeveer 'n halwe persentasiepunt in middel-Oktobre en met 'n driekwart van 'n persentasiepunt op 9 November 1998 te verlaag. Hierdie stappe het die verskille tussen die verbandrentekoerse wat deur individuele banke gehef word, merkbaar laat toeneem.

Die oorheersende kleinhandelskoers op vaste deposito's van twaalf maande by banke het 'n soortgelyke patroon as dié van verbandkoerse getoon en is met vier persentasiepunte verhoog – in twee stappe van twee persentasiepunte per keer – vanaf 12,5 persent in Junie 1998 tot 16,5 persent in Augustus. Die standaardrentekoers van toepassing op lenings wat uit die staatsinkomstefonds toegestaan is, is

effense tot 'n redelike steil omgekeerde helling verander het en die algehele vlak van rente- en opbrengskoerse hoër geskuif het. Die toenemende omgekeerde helling aan die kort kant van die kromme was 'n weerspieëeling van die onvermydelik strammer binnelandse monetêre toestande sedert Mei 1998. Die plat helling van die kromme oor looptye van langer as drie jaar het waarskynlik gedui op onsekerheid oor die toekomstige rigting van finansiële beleid en verwagtinge van hoër toekomstige inflasie. Teen die einde van Oktober het die opbrengskoerskromme afwaarts beweeg tot 'n vlak halfpad tussen dié van April en Augustus 1998 namate die internasionale finansiële markte gestabiliseer en binnelandse korttermynkoerse begin het om afwaarts te beweeg. Teen die einde van Oktober het nie-inwonerbeleggers hul besit aan vasterentedraende sekuriteite verhoog, en dus verdere stukrag aan die afwaartse beweging van rentekoerse verleen.

Na die stygings in die gemiddelde terugkoopkoers het die banke hul prima oortrekingskoerse op 10 Junie 1998 van 18,25 persent tot 20,25 persent en tot 22,25 persent aan die einde van die maand verhoog. Verdere stygings gedurende Julie en Augustus 1998 het die prima oortrekingskoerse van die banke tot 24 persent aan die einde van Julie en 25,5 persent aan die einde van Augustus gevoer. In reaksie op die algemeen afwaartse beweging in geldmarkrentekoerse vanaf die middel van September 1998 en die daling in die

## Rentekoerse\*



- Prima oortrekingskoers
- Bankkoers/terugkoopkoers vanaf 9 Maart 1998
- Bankaksepte van 3 maande

\* Einde van maand


in vyf stappe vanaf 13 persent in Mei 1998 tot 18,5 persent op 1 Oktober verhoog, maar is toe tot 16,5 persent op 1 November verlaag. Die maksimum toelaatbare finansieringkostekoerse, soos neergelê ingevolge die Woekerwet, is op 21 Augustus 1998 met vier persentasiepunte tot 33 persent per jaar verhoog ten opsigte van geldlenings, krediet- en bruikhuurtransaksies van meer as R6 000, maar minder as R500 000, en 36 persent vir bedrae tot en met R6 000.

### Geldmark

Geldmarktoestande het in die tweede kwartaal van 1998 aansienlik vernou en vir die grootste deel van die derde kwartaal stram gebly. Die maandelikse gemiddelde van die likiditeit wat deur die Reserwebank voorsien is, het in Junie 1998 'n hoogtepunt van R11,4 miljard bereik en daarna geleidelik tot R8,3 miljard in September en R6,0 miljard in Oktober afgeneem. Die daaglikse omvang van terugkooptransaksies tussen die Reserwebank en die private banke het op 26 Mei 1998 'n boonste draapunt van R15,1 miljard bereik en toe per saldo tot 'n laagtepunt van R5,3 miljard op 15 Oktober gedaal.

Die verruiming in geldmarktoestande gedurende die derde kwartaal van 1998 was grootliks verwant aan tekorte vanweë die Reserwebank se transaksies op die termynmark vir buitelandse valuta. In totaal is 'n netto bedrag van R6,6 miljard in die derde kwartaal van 1998 deur die Reserwebank se bedrywighede in buitelandse valuta tot die likiditeit in die geldmark gevoeg, nadat dit 'n vernouende uitwerking van R12,7 miljard in die tweede kwartaal gehad het.

### Totale likiditeit deur Reserwebank voorsien



Die Reserwebank se optredes in die geldmark gedurende die derde kwartaal van 1998 was daarop gemik om binnelandse monetêre toestande in 'n omgewing van onbestendige internasionale finansiële markte te stabiliseer. Met dié doel voor oë het die Bank 'n versigtige benadering gevolg en minder likiditeit as die beraamde behoeft vir die dag deur die daaglikse tenderstelsel beskikbaar gemaak. Eers toe dit duidelik geword het dat die wêreldmarkte gestabiliseer het, was die Bank bereid om sy waakaamheid teen moontlike finansiële onbestendigheid te verslap. Die daaglikse ondervoorsiening van likiditeit is in Augustus 1998 tussen R500 miljoen en R100 miljoen gehou en gedurende die grootste deel van September tot R100 miljoen verminder. Die daaglikse ondervoorsiening is op 14 Oktober 1998 van R100 miljoen tot R50 miljoen verminder en vanaf 16 Oktober is ten volle in die likiditeitsbehoefte voorsien.

In die verklaring wat uitgerek is as bekendstelling van die Reserwebank se terugkoopstelsel waardeur likiditeit aan die private banke voorsien word, is dit in die vooruitsig gestel dat die Bank in 'n sekere stadium sy eie skuldbriewe sou uitrek as 'n aanvullende fasilitet vir bankinstellings om korttermynfondse te belê. Die Reserwebankskuldbriewe is beskou as geskikte finansiële instrumente vir doeleinades van gereelde terugkooptransaksies tussen die Reserwebank en die banksektor.


Die onlangse toenames in geldmarklikiditeit en die voortgesette onbestendige toestande in die internasionale finansiële markte het die Reserwebank oortuig dat dit die aangewese tyd was om die eerste Reserwebankskuldbriewe uit te reik ten einde 'n rol vir dié waardepapier in die proses van likiditeitsvoorsiening te vestig. Met die bekendstelling van die skuldbriewe het die Bank dit duidelik gemaak dat sy bedoeling op dié tydstip nie was om korttermynrentekoerse te verhoog nie, maar om 'n bykomende beleggingsgeleentheid vir 'n oormaat korttermynfondse daar te stel.

Oordraagbare skuldbriewe ten bedrae van R200 miljoen (uitgegee in veelvoude van R5 miljoen) is op 16 September 1998 vir die eerste keer aangebied. Die looptyd van die skuldbriewe wat tans in omloop is, is 30 dae en 'n tender word toegestaan op 'n grondslag wat die laagste aangebode koers eerste toeken. Die tender is oop vir aanbiedings van banke en die algemene publiek, onderworpe aan 'n minimum bedrag van R5 miljoen. Die uitstaande bedrag van Reserwebankskuldbriewe het op 24 November altesaam R2,0 miljard beloop.

### Effektemark

Netto nuwe lenings in die binnelandse primêre effektemark deur instellings in die openbare sektor het van R5,6 miljard in die tweede kwartaal van 1998 tot R3,0 miljard in die derde kwartaal afgeneem. Die totale bedrag aan fondse wat deur die openbare sektor verkry is, het gevvolglik in die eerste helfte van die huidige fiskale jaar R8,5 miljard bedra, vergeleke met 'n netto bedrag van

## Nie-inwoners se netto transaksies in die sekondêre kapitaalmarkte



R9,3 miljard in die ooreenstemmende tydperk van die fiskale jaar 1997/98. Staatseffekte met 'n nominale waarde van R20,7 miljard is vanaf die begin van April 1998 tot Oktober opgeveil en toegeken; dit het R10,3 miljard van die begrote bedrag gelaat wat nog in die oorblywende vyf maande van die fiskale jaar 1998/99 befonds moet word.

Gedurende die eerste nege maande van 1998 het genoteerde leners in die private sektor slegs R30 miljoen in die binnelandse kapitaalmark deur die uitgifte van voorkeuraandele en skuldbrieve verkry. Die swakker ingesteldheid van beleggers teenoor ontwikkelende markte en die hoë leningskoste vir Suid-Afrikaanse instellings in buitelandse markte is weerspieël in 'n totale

gebrek aan kapitaalverkrygingsbedrywigheid in die internasionale primêre effektemark. Die regering en ander binnelandse leners het hulle in die eerste tien maande van 1998 weerhou van die uitgifte van effekte wat in buitelandse geldeenheide betitel is en sedert April 1998 is geen nuwe fondse verkry deur effekte wat in rand betitel is en deur Suid-Afrikaanse leners in die eurorand mark uitgereik is nie.

Die bedrywigheid in die sekondêre effektemark was gedurende die eerste drie kwartale van 1998 baie lewendig. Die waarde van effekte wat op die Effektebeurs verhandel is, het van R1,7 trijnoen in die eerste kwartaal van 1998 tot R2,5 trijnoen in die tweede kwartaal en R2,6 trijnoen in die derde kwartaal toegeneem. In Oktober 1998 het die omset tot R644 miljard gedaal vanaf 'n maandelikse gemiddelde van R877 miljard in die derde kwartaal. Die omset van terugkooptransaksies as 'n persentasie van totale omset het van 54 persent in 1997 tot 61 persent in die eerste tien maande van 1998 toegeneem.

Nie-inwonerbeleggers het hul besit aan Suid-Afrikaanse vasterentedraende sekuriteite in die eerste vier maande van 1998 met R16,3 miljard verhoog, maar toe hierdie besit in die tydperk van Mei tot Oktober met R23,1 miljard verminder. Die afname in buitelandse beleggers se belangstelling in hierdie mark gedurende die afgelope jaar is ook weerspieël in 'n afname in die bruto waarde van transaksies van nie-inwoners se aankope en verkoop van effekte van R895 miljard in die tweede kwartaal van 1998 tot R805 miljard in die derde kwartaal. Gemeet as 'n persentasie van totale verkoop en aankope, het nie-inwoners se transaksies in effekte vanaf 'n hoë 20 persent in April 1998 tot 15 persent in Oktober afgeneem.

### Aandelemark

Kapitaalverkrygingsbedrywighede deur maatskappye in die private sektor het gedurende 1998 'n voorkeur vir finansiering deur aandelekapitaal eerder as skuldtogenames bly weerspieël, waarskynlik as gevolg van die hoë koste van skuld vergeleke met dié van aandelekapitaal. Die waarde van kapitaal wat in die primêre aandelemark verkry is deur maatskappye wat op die Johannesburgse Aandelebeurs genoteer is, het van R9,3 miljard in die eerste kwartaal van 1998 tot R20,3 miljard in die tweede kwartaal en R25,9 miljard in die derde kwartaal toegeneem. Dit verteenwoordig 'n toename van 41,3 persent in die eerste drie kwartale van 1998 vergeleke met die eerste drie kwartale van 1997.

Die waarde van aandele wat in die sekondêre aandelemark verhandel is, het van R67,5 miljard in die eerste kwartaal van 1998 tot 'n rekordhoogtepunt van R91 miljard in die tweede kwartaal toegeneem, maar toe effens tot R89,6 miljard in die derde kwartaal afgeneem. Gedurende die eerste tien maande van 1998 het die algehele waarde van aandele wat op die Johannesburgse Aandelebeurs verhandel is, met 33 persent toegeneem teenoor 1997 in die geheel. Die aantal aandele wat verhandel is, het gedurende dieselfde tydperk met 60 persent toegeneem.

Nie-inwonerbeleggers het in die eerste tien maande van 1998 as kopers en verkopers bedrywige deelnemers in die sekondêre aandelemark gebly. Neteenstaande die negatiewe wending in beleggersentiment teenoor ontwikkelende markte, het nie-inwoners in die eerste tien maande van 1998 29 persent bygedra tot die totale aankope en verkoop van aandele op die Johannesburgse Aandelebeurs. Die vergelykbare verhouding vir 1997 in die geheel was slegs effens hoër teen 31,9 persent. Nie-inwoners het in die eerste tien maande van 1998 ook hul besit aan genoteerde aandele in Suid-Afrikaanse maatskappye met R38 miljard verhoog, vergeleke met R26,2 miljard vir 1997 in die geheel. Die afkerigheid van internasionale beleggers jeens bates van ontwikkelende markekonomieë het klaarblyklik nie in die


tweede en derde kwartale van 1998 na die Suid-Afrikaanse aandelemark uitgebrei nie.

Die maandelikse gemiddelde prysvlak van alle klasse aandele het met 32,3 persent van Desember 1997 tot 'n rekordhoogtepunt in Mei 1998 toegeneem, maar is toe skerp afwaarts aangepas met 38,7 persent van Mei tot September. In September 1998 was die gemiddelde waarde van die prysindeks vir alle aandele naastenby gelyk aan dié van Maart 1994. Die gemiddelde prysvlak van bank- en versekeringsmaatskappyaandele het met 48 persent van Mei tot September 1998 gedaal, en dié van nywerheids- en handelsaandele met 43 persent. Die afname van Mei tot September 1998 in die prysse van mynaandele was minder fel as in die prysse van ander klasse aandele: die prysse van goudmynaandele het met 14,2 persent gedaal en dié van nie-goudmynaandele met 10,8 persent.

In Oktober 1998 het die gemiddelde prysvlak van alle klasse aandele met 8 persent herstel. Ten spyte van hierdie toename en die onlangse verstewiging van die wisselkoers van die rand, het die waarde van aandelepryse in VSA-dollar per saldo met ongeveer 26 persent van Desember 1997 tot Oktober 1998 gedaal.

Soos in Tabel 13 aangedui word, het die opbrengskoerse en prysverhoudings op aandele die algemene neiging in aandelepryse gedurende die eerste tien maande van 1998 weerspieël. Die maandelikse gemiddelde dividendopbrengskoers op alle klasse aandele het van 2,1 persent in Mei tot 3,5 persent in September toegeneem, maar daarna tot 3,3 persent in Oktober afgeneem. Die maandelikse gemiddelde verdiensteopbrengskoers (goudmynaandele uitgesluit) het dienooreenkomsdig van 5,9 persent in Mei 1998 tot 10,2 persent in September toegeneem, maar daarna tot 9,6 persent in Oktober afgeneem. Die prysverdiensteverhouding van alle aandele, met die uitsondering van

### Maandelikse gemiddelde aandelepryse



Tabel 13. Opbrengskoerse en prysverhoudings

	Dividend- opbrengs- koers Percent	Verdienste- opbrengs- koers* Percent	Prys- verdienste verhouding*
1998: Jan .....	2,7	7,6	13,1
Feb.....	2,4	6,9	14,4
Mrt.....	2,3	6,5	15,3
Apr.....	2,2	5,9	16,8
Mei.....	2,1	5,9	16,9
Jun.....	2,3	6,8	14,7
Jul.....	2,4	6,8	14,7
Aug.....	2,8	8,2	12,2
Sep.....	3,5	10,2	9,8
Okt.....	3,3	9,6	10,4

\* Uitgesonderd goudmynaandele

goudmynmaatskappye, het van 16,9 in Mei 1998 tot 9,8 in September afgeneem, voordat dit tot 10,4 in Oktober gestyg het.

### **Mark vir afgeleide instrumente**

Die krisis in ontwikkelende markte en prysontbestendigheid in die onderliggende binnelandse finansiële markte het tot verhoogde bedrywigheid in die *formele mark vir afgeleide instrumente* gelei. Die omvang van verhandeling in *aandele- en rentekoerstermykontrakte* het in die eerste tien maande van 1998 met 48 persent toegeneem, vergeleke met die ooreenstemmende tydperk in 1997. Die aantal aandele- en rentekoerstermykontrakte en opsies op termynkontrakte wat verhandel is, het van 'n kwartaallikse gemiddelde van 2,9 miljoen in 1997 tot 'n rekordhoogtepunt van 4,8 miljoen in die eerste kwartaal van 1998 toegeneem, waarna dit afgeneem het tot 3,6 miljoen en 3,8 miljoen kontrakte in die tweede en derde kwartale, wat nog steeds relatief hoog was. *Nie-inwonerdeelname* in termynkontrakte en opsies op termynkontrakte, gemeet as 'n persentasie van die oop posisie, het ook van 24 persent in 1997 tot 29 persent in die eerste tien maande van 1998 toegeneem.

Nadat verhandeling in *aandele-opsiekontrakte* in die tweede kwartaal van 1998 skerp gestyg het, het dit in die derde kwartaal en in Oktober afgeplat. Die aantal aandele-opsiekontrakte wat verhandel is, het van 50 450 in die eerste kwartaal van 1998 tot 60 370 in die tweede kwartaal toegeneem, maar toe tot 38 390 in die derde kwartaal afgeneem. Vergelyk met die maandelikse gemiddelde gedurende die derde kwartaal van 1998 het verhandeling in aandele-opsiekontrakte in Oktober aansienlik afgeneem. In teenstelling met die verhandeling in aandele-opsiekontrakte het die aantal transaksies wat in sekuriteitsregte aangegaan is vinnig van 269 miljoen in die tweede kwartaal van 1998 tot 415 miljoen in die derde kwartaal toegeneem – 'n toename van 54 persent. Toe redelik bestendige toestande in Oktober 1998 na die aandelemark teruggekeer het, het die maandelikse aantal sekuriteitsregte wat verhandel is tot 97 miljoen gedaal, vergeleke met 'n gemiddelde maandelikse aantal van 139 miljoen in die derde kwartaal.

Verhandeling in *landboutermykontrakte en opsies* op sulke kontrakte in die eerste tien maande van 1998 het 68 749 kontrakte beloop, meer as vyf keer die aantal wat in die ooreenstemmende tydperk van die vorige jaar verhandel is. Die onmiddellike oorsaak van hierdie vinnige toename was die beëindiging van die gesentraliseerde bemarking van 'n aantal landbouprodukte en die verandering na 'n meer gedereguleerde bemarkingstelsel. Verhandeling in die *landboutermymark vir mielies* het die handel in landboutermykontrakte totaal oorheers en was verantwoordelik vir 98 persent van alle transaksies wat in die eerste tien maande van 1998 aangegaan is.

### **Vaste-eiendomsmark**

Eiendom is 'n belangrike beleggingsbate en waardedraer. Op byna dieselfde manier as dié waarop aandelepryse bepaal word deur verwagte toekomstige winste en dividende, is vaste-eiendomswaardes afhanklik van verwagte huuropbrengste. Vooruitsigte vir groei in huuropbrengste blyk skraal te wees in Suid-Afrika aangesien die gemiddelde waarde per vaste-eiendomstransaksie in die eerste agt maande van 1998 met slegs 3,3 persent toegeneem het, vergeleke met die eerste agt maande van 1997. Die totale waarde van vaste-eiendomstransaksies het in die eerste agt maande van 1998 met 3,6 persent toegeneem en die aantal vaste-eiendomstransaksies met 0,2 persent.

---

### **Verandering in waarde per transaksie in vaste-eiendomsmark**




## Openbare finansies

### Leningsbehoefte van die openbare sektor

Die leningsbehoefte van die openbare sektor (dit wil sê die tekort voor lenings en skuldaflossing van die gekonsolideerde sentrale regering, provinsiale regerings, plaaslike owerhede en nie-finansiële openbare sake-ondernehemings) het met R4,1 miljard vanaf R22,1 miljard in die eerste helfte van die fiskale jaar 1997/98 tot R18,0 miljard in die eerste helfte van die fiskale jaar 1998/99 afgeneem. Dit het die leningsbehoefte van die openbare sektor in verhouding tot die bruto binnelandse produk van 7,5 persent in die eerste helfte van die fiskale jaar 1997/98 tot 5,6 persent in die eerste helfte van die fiskale jaar 1998/99 verlaag.


Die afname in die leningsbehoefte van die openbare sektor in die eerste helfte van 1998/99 kan toegeskryf word aan 'n ommekeer in die finansies van die provinsiale regerings van 'n tekort van R3,9 miljard in die eerste helfte van die fiskale jaar 1997/98 tot 'n surplus van R2,7 miljard in die eerste helfte van die fiskale jaar 1998/99. Die totale finansiële saldo van provinsiale regerings het egter in die fiskale jaar 1998/99 van 'n surplus van R3,8 miljard gedurende die kwartaal van April tot Junie na 'n tekort van R1,1 miljard gedurende die kwartaal van Julie tot September verander. Die leningsbehoefte van die Hoofbegroting en dié van

### Tekort of surplus van provinsiale regerings



April tot September van elke fiskale jaar

### Leningsbehoefte van die openbare sektor in verhouding tot bruto binnelandse produk




plaaslike owerhede het van die eerste helfte van die fiskale jaar 1997/98 tot die eerste helfte van die fiskale jaar 1998/99 uitgebrei.

Op die vlak van die *algemene owerheid* (dit wil sê die totale openbare sektor met die uitsluiting van die nie-finansiële openbare sake-ondernehemings) was die verbetering in die leningsbehoefte die gevolg van die verlangsamming in die groei in lopende en kapitaalbesteding en 'n geringe versterking in die groei in inkomste. Die koers van toename van jaar tot jaar in lopende besteding het skerp van 8,7 persent in die eerste helfte van die fiskale jaar 1997/98 tot 2,3 persent in die eerste helfte van die fiskale jaar 1998/99 afgeneem. Groei in kapitaalbesteding deur die algemene owerheid het gedurende dieselfde tydperk van 30,9 persent tot 10,7 persent afgeneem. Die koers van toename in algemene owerheidsinkomste het hoofsaaklik weens die stetige groei in nie-belastinginkomste van 8,9 persent in die eerste helfte van die fiskale jaar 1997/98 tot 9,5 persent in die eerste helfte van die fiskale jaar 1998/99 versnel.

### Skatkisrekening

Die fiskale rekeninge vir die eerste ses maande van die fiskale jaar 1998/99 toon dat die regering sy bestedingsramings wat in die Begroting van Maart 1998 voorsien is, moontlik effens kan oorskry. Die groei in inkomste was egter ook sterker as wat in die Begroting geraam is, wat daarop dui dat die omvang van die tekort voor lenings en skuldaflossing in verhouding tot die bruto

## Begrote en werklike skatkisuitreikings aan staatsdepartemente



**Tabel 14. Toename in owerheidsinkomste**

Persentasieverandering oor dieselfde tydperk van die vorige jaar

Bron van inkomste	Begrote toename in die fiskale jaar 1998/99	Werklike koers van toename van jaar tot jaar in die eerste helfte van 1998/99
Doeane- en aksynsregte .....	19,4	12,0
Binnelandse inkomste .....	7,4	9,6
Inkomstebelasting .....	5,6	10,1
Belasting op toegevoegde waarde.....	8,4	9,0
<b>Totale skatkisontvangste..</b>	<b>8,9</b>	<b>8,7</b>


In die eerste helfte van die fiskale jaar 1998/99 het die koers van toename van jaar tot jaar in *skatkisontvangste* (ontvangste uit privatisering en oordragte vanaf die Strategiese Oliefonds uitgesluit) 8,7 persent beloop, teenoor 'n begrote toename van 8,9 persent vir die fiskale jaar in die geheel en 'n gemiddelde koers van toename van 13,6 persent in die ooreenstemmende tydperk van die voorafgaande vyf fiskale jare.

Ontvangste uit binnelandse inkomste in die eerste helfte van die fiskale jaar 1998/99 was 9,6 persent meer as in die eerste helfte van die fiskale jaar 1997/98. Dit beteken dat die groei van jaar tot jaar in ontvangste uit binnelandse inkomste in die eerste helfte van die fiskale jaar 1998/99 2,2 persentasiepunte hoër was as die geraamde groeikoers van 7,4 persent wat vir die volle fiskale jaar voorsien is. Groter doeltreffendheid met die invordering van belasting op toegevoegde waarde en 'n verbreding van die korporatiewe belastingbasis as gevolg van verbeterde maatskappystatus het opmerklike bydraes tot die groei in die ontvangste uit binnelandse inkomste in die eerste helfte van die fiskale jaar 1998/99 gemaak. In teenstelling hiermee, was die ontvangste uit doeane- en aksynsregte gedurende die eerste helfte van 1998/99 minder as wat in die begroting voorsien is, hoofsaaklik vanweë die implementering van tariefverlagings voor die tyd waarop in die Finale Akte van die Uruguay Rondte van onderhandelings oor handel ooreengekom is.

In die eerste ses maande van die fiskale jaar 1998/99 het skatkisontvangste in verhouding tot die bruto binnelandse produk 25,7 persent bedra – dieselfde as in die eerste helfte van die fiskale jaar 1997/98.

Die koers van toename oor een jaar in ontvangste van die regering in Oktober 1998 het 14,4 persent bedra. Dit het die koers van toename oor een jaar in skatkisontvangste in die eerste sewe maande van die

## Skatkisuitreikings, -ontvangste en -tekort



**Tabel 15. Finansiering van die skatkistekort in die eerste helfte van die fiskale jaar 1998/99**

	R miljarde
Staatseffekte (diskonto ingesluit).....	14,5
Min: Diskonto op staatseffekte .....	3,3
Netto ontvangste uit staatseffekte uitgerek.....	11,2
Skatkiswissels.....	6,3
Buitelandse lenings.....	-0,7
Aflossing van Artikel 239-skuld* .....	-0,2
Oordragte vanaf IMF-rekening** .....	0,7
Buitengewone ontvangste .....	1,8
Toename in beskikbare kontantsaldo's .....	1,0
<b>Totale netto finansiering .....</b>	<b>20,1</b>

\* Skuld van die voormalige Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei en selfregerende gebiede

\*\* Oordrag gemaak vir die terugbetaling van 'n lening verskuldig aan die Internasionale Monetêre Fonds ingevolge die Kompenserende en Gebeurlikheidsfinansieringsfasiliteit (CCFF)


die regering het bygedra tot 'n toename in owerheidsskuld van R336,2 miljard of 55,4 persent van die bruto binnelandse produk aan die einde van Maart 1998 tot R358,2 miljard of 56,7 persent van die bruto binnelandse produk aan die einde van September 1998.

fiskale jaar 1998/99 op 9,7 persent te staan gebring. Gedurende hierdie tydperk het skatkisontvangste 56,7 persent van die totale inkomste van R177,6 miljard wat vir die jaar in die geheel begroot is, bedra.

Die laer-as-begrote inkomste en hoër-as-begrote uitgawes in die eerste helfte van die fiskale jaar 1998/99 het 'n *skatkistekort* voor lenings en skuldaflossing van R20,1 miljard tot gevolg gehad. Dit beloop 6,3 persent van die bruto binnelandse produk vergeleke met 'n verhouding van 6,4 persent in die ooreenstemmende tydperk van die fiskale jaar 1997/98 en 'n begrote tekort van 3,5 persent van die bruto binnelandse produk vir die fiskale jaar 1998/99 in die geheel. Die tekort voor lenings en skuldaflossing in die eerste sewe maande van die fiskale jaar 1998/99 het R18,2 miljard of 76,9 persent van die begrote tekort vir die jaar in die geheel bedra.

Soos in Tabel 15 aangedui word, is die tekort vir die eerste helfte van die fiskale jaar 1998/99 hoofsaaklik deur die uitreiking van langtermynstaatseffekte en skatkiswissels gefinansier. Langtermynstaatseffekte is uitgereik teen 'n gemiddelde rentekoers van 15,84 persent in die eerste ses maande van die fiskale jaar 1998/99, terwyl korttermyninstrumente teen 'n gemiddelde koers van 16,65 persent verkoop is. In albei gevalle het die begrotingsaanname 'n gemiddelde rentekoers van 13,0 persent vir die fiskale jaar 1998/99 voorsien. Al die leningsbedrywighede van

## Totale staatskuld in verhouding tot bruto binnelandse produk



## Aansuiweringsbegroting vir die fiskale jaar 1998/99

Die Minister van Finansies het in die Aansuiweringsbegroting wat op 2 November 1998 ter tafel gelê is, bekend gemaak dat die finansiële en ekonomiese ontwikkelings in die wêreld gedurende die afgelope jaar 'n werklike toets was vir die regering se verbintenis tot die visie en doelwitte wat in die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (HOP) uiteengesit is. Die Minister het herbevestig dat die regering sal volhou om die riglyne te volg wat in die HOP uiteengesit is, maar het ook erken dat dit 'n moeilike roete sonder kortpaaie is. In die lig van die veranderde ekonomiese vooruitsigte was dit onvermydelik dat die Begroting wat in Maart 1998 voorgelê is aangepas moes word om die veranderde omstandighede te weerspieël.

In die Aansuiweringsbegroting het die Minister goedkeuring gevra vir bykomende besteding ten bedrae van R5,4 miljard vir die fiskale jaar 1998/99. Indien besparings en uitgestelde besteding egter in aanmerking geneem word, sal die oorspronklike bestedingsraming met slegs R3,2 miljard, tot 'n hersiene raming van R204,5 miljard, verhoog word. Die aangesuiwerde besteding is genoodsaak deur skerp toenames in skulddienskoste, die onvoorsiene en onvermydelike besteding deur die staatsdepartemente en die addisionele oordragte na provinsies. Die geraamde owerheidsbesteding in verhouding tot die bruto binnelandse produk sal in die fiskale jaar 1998/99 31,1 persent bedra in vergelyking met die 31,3 persent wat in die fiskale jaar 1997/98 aangeteken is.

In die Aansuiweringsbegroting is ook voorsiening gemaak vir 'n opwaartse aanpassing in die oorspronklik geraamde inkomste van R177,6 miljard of 26,5 persent van die bruto binnelandse produk tot R178,6 miljard of 27,2 persent van die bruto binnelandse produk vir die fiskale jaar 1998/99. Die bykomende inkomste het gespruit uit 'n storting van R350 miljoen in die Skatkis na

**Tabel 16. Aansuiweringsbegrotatingsramings vir 1998/99**

	R miljarde
Oorspronklik begrote besteding*	201,3
Plus: Bykomende besteding	5,4
Totaal	206,7
Min: Uitgestelde besteding, besparings en opskortings	2,2
Totale aangesuiwerde besteding	204,5
Totale inkomste	178,6
<b>Aangesuiwerde tekort</b>	<b>25,9</b>
Aangesuiwerde tekort as persentasie van die bruto binnelandse produk	3,9

\* Hierdie bedrag sluit 'n bedrag van R2,1 miljard in waarvoor voorsiening gemaak is, maar wat nie in die Begroting van Maart 1998 goedgekeur is nie.

die sluiting van die Poskantoorfonds en uit donasies wat R651 miljoen bedra het.

Die aansuiwerings aan die bestedings- en inkomsteraamings het tot 'n tekort voor lenings en skuldaflossing op die begroting van die nasionale regering van R25,9 miljard in die fiskale jaar 1998/99 gelei. Die hersiene tekort is R2,2 miljard hoër as die tekort wat deur die Minister van Finansies in die aanvanklike begrotatingsvoorstelle voorsien is. Die hersiene tekort vir die fiskale jaar 1998/99 is gelykstaande aan 3,9 persent van die hersiene geraamde bruto binnelandse produk, in vergelyking met die oorspronklike begrotingstekort van 3,5 persent van die bruto binnelandse produk.

## Die Mediumtermyn-begrotatingsbeleidsverklaring

Die Minister van Finansies het op 2 November 1998, tesame met die Aansuiweringsbegroting, die hersiene Verklaring oor Begrotatingsbeleid op die Medium Termyn aan die Parlement voorgelê. Die Minister het verklaar dat die vooruitskatting, soos in die verklaring vervat, gebaseer is op die regering se beste raming van binnelandse en internasionale ekonomiese toestande, maar het gemaan dat die vooruitskatting aan onsekerhede onderhewig is en dat die uiteindelike resultate daarvan mag verskil.

Die Minister het beklemtoon dat die strategie vir groei, werkverskaffing en herverdeling (GEAR) 'n stel beleidskeuses daarstel wat gemik is op die bevordering van groei en herverdeling oor die medium termyn, en dat hierdie beleidskeuses nie oorboord gegooi word as gevolg van die wêreld se ekonomiese probleme nie. Inteendeel, die Minister het bevestig dat die regering se verbintenis tot heropbou en ontwikkeling in die heersende ekonomiese woeilinge as 'n anker dien. Die regering bly daartoe verbind om:

- voorkeur aan besteding aan onderwys, gesondheid, welsyn en sosiale-infrastruktuur te gee;
- die regeringstekort en skulddienskoste te verminder;
- die toename in die regering se loonrekening te stuit;
- die gelykheid en doeltreffendheid van dienslewering te verbeter;
- die verhouding van kapitaalbesteding tot lopende besteding te verhoog; en
- gesonde fiskale bestuur toe te pas.

Die hersiene Mediumtermyn-bestedingstraamwerk wat in die Verklaring vervat word, toon etlike veranderinge in bestedingsvoorseure. Die relatiewe aandeel van besteding aan maatskaplike dienste en beskermingsdienste sal na raming gedurende die volgende drie jaar toeneem, terwyl besteding aan ekonomiese dienste en administrasie verminder sal word. Maatskaplike dienste word hoofsaaklik op provinsiale vlak gelewer. Die toename in besteding aan onderwys, gesondheid en welsyn word dus weerspieël in die groeiende aandeel van totale besteding aan hierdie dienste wat aan provinsies toegeken is. Die aandeel van besteding aan ekonomiese dienste, soos handels-, nywerheids- en landboudienste, in totale nie-rentebesteding sal na raming afneem.

**Tabel 17. Fiskale vooruitskattings**

	1999/ 2000	2000/ 2001	2001/ 2002
<b>R miljarde</b>			
Nasjonale begrotingsinkomste.	191,3	206,2	220,1
Nasjonale begrotingsbesteding	216,5	229,6	245,0
Tekort voor lenings.....	25,2	23,4	24,9
Primêre surplus .....	22,8	27,6	29,1
<b>Persentasie van bruto binnelandse produk</b>			
Nasjonale begrotingsinkomste.	26,9	26,8	26,5
Nasjonale begrotingsbesteding	30,5	29,9	29,5
Tekort voor lenings.....	3,5	3,0	3,0
Primêre surplus .....	3,2	3,6	3,5

Die hersiene toewysings het ook die finale uitslag van die *Bevolkingsensus van 1996* in berekening gebring. Die veranderde syfers vir die geografiese verspreiding van die land se bevolking het tot gevolg dat sommige provinsies 'n kleiner aandeel van totale provinsiale toewysings sal ontvang as wat vroeër in die vooruitsig gestel is. Die veranderings in die formule waarvolgens fondse aan die provinsies toegedeel word, sal oor die volgende vyf jaar ingefaseer word ten einde provinsies genoeg tyd te gee om aan te pas by veranderings in hul onderskeie funderingsvlakke.

Groei in kapitaalbesteding sal na raming laer wees as die groei in totale besteding. Dit is hoofsaaklik die gevolg van vennootskappe tussen die openbare en private sektor vir die voorsiening van infrastruktuur, wat tot gevolg het dat betekenisvolle besteding aan infrastruktuur nie meer deel vorm van die nasionale regering se begrote kapitaalbesteding nie. Personeel-uitgawes in verhouding tot totale besteding sal na verwagting oor die volgende drie jaar effens afneem, hoofsaaklik as gevolg van stadiger groei in besteding op personeel deur die nasionale staatsdepartemente.

Die regering se verbintenis tot die inkorting van die groei in besteding gedurende die volgende drie fiskale jare word in die bygaande tabel getoon. Die regering bly verbind tot die vermindering van die begrotingstekort tot 3,0 persent van die bruto binnelandse produk, maar is van voorneme om hierdie doelwit een jaar later te bereik as wat voorheen beplan is.

# Notes to tables

# Opmerkings oor tabelle

## Public finance

### Foreign debt of government - Page S-66

The South African authorities subscribed to the International Monetary Fund's Special Data Dissemination Standard (SDDS) in 1996 and indicated their willingness to fully observe the specifications of the SDDS before the end of 1998. In order to observe the specifications of the SDDS, two new tables under the headings "Redemption schedule of foreign debt of government" and "Interest payment schedule of government foreign debt" were added as page S-66.

### Financial public enterprises - Page S-82

Data on the assets and liabilities of financial public enterprises were added as page S-82 to enhance the coverage of public-sector statistics.

### Government finance - Page S-57

A column indicating "Standing appropriations" was added to the table to enhance the comparability of this table with the budget format. These payments include guaranteed claims against government such as the subscription payments to the International Development Agency (IDA), the International Bank for Reconstruction and Development (IBRD) and valuation adjustment payments to the International Monetary Fund.

## Balance of payments

### Foreign reserves - Pages S-84, S-85 and S-102

The country's gross and net gold and other foreign reserves have been amended owing to revised banking statistics and the reclassification of short-term foreign rand-denominated assets of the private banking sector. The rand-denominated foreign assets are no longer included as part of the country's foreign reserves. Changes in these assets of the private banking sector were reclassified as part of short-term capital movements of the monetary sector.

### Foreign liabilities and assets - Pages S-92 to S-97

Two rows were added to pages S-92 to S-97 under the heading "Direct investment – Public corporations" to provide information on direct inward investment into South Africa.

## Openbare finansies

### Buitelandse skuld van die regering - Bladsy S-66

Die Suid-Afrikaanse owerhede het in 1996 op die Internasionale Monetêre Fonds se Spesiale Data Disseminasie Standaard ingeskryf en hulle bereid verklaar om voor die einde van 1998 volledig aan die bepalings van die standaard te voldoen. Ten einde aan die bepalings van die standaard te voldoen, is twee nuwe tabelle onder die opskrifte "Aflossingskedisjune van buitelandse skuld van die regering" en "Rentebetalingskedisjune van buitelandse skuld van die regering" bygevoeg as bladsy S-66.

### Finansiële openbare ondernemings - Bladsy S-82

Gegewens oor die bates en laste van finansiële openbare ondernemings is bygevoeg as bladsy S-82 ten einde die omvang van openbare-sektor statistieke te vergroot.

### Owerheidsfinansies - Bladsy S-57

'n Kolom wat "Staande toewysings" aandui, is tot die tabel bygevoeg ten einde die vergelykbaarheid van dié tabel met die formaat van die begroting te verbeter. Hierdie betalings sluit gewaarborgde eise teen die regering, soos die subskripsiebetalings aan die Internasionale Ontwikkelingsagentskap (IDA), die Internasionale Bank vir Rekonstruksie en Ontwikkeling (IBRO) en waardasie-aansuiweringsbetalings aan die Internasionale Monetêre Fonds in.

## Betalingsbalans

### Buitelandse reserwes - Bladsye S-84, S-85 en S-102

Die land se bruto en netto goud- en ander buitelandse reserwes is aangepas vanweë hersiene bankstatistieke en die herklassifikasie van korttermyn buitelandse randbetedelde bates van die private banksektor. Die buitelandse bates betitel in rand word nie langer as deel van die land se buitelandse reserwes beskou nie. Veranderings in hierdie bates van die private banksektor is as deel van die korttermynkapitaalbewegings van die monetêre sektor geklassifiseer.

### Buitelandse laste en bates - Bladsye S-92 tot S-97

Twee rye is tot bladsye S-92 tot S-97 bygevoeg onder die opskrif "Regstreekse belegging – Openbare korporasies" om gegewens oor regstreekse inwaartse belegging na Suid-Afrika vry te stel.